

'n Klassikus se ontleding van N.P. Van Wyk Louw se *Germanicus* as 'n beeld van mag en onmag

Jo-Marie Claassen

Jo-Marie Claassen, Medeprofessor Emerita, Departement Antieke Studie, Universiteit Stellenbosch

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die mate waarin N.P. Van Wyk Louw se *Germanicus* (1956) sy hoofbron, 'n werk van die Romeinse geskiedskrywer Tacitus, vernuwend aanwend, met klem op sy uitbeelding van mag en onmag. Die vraag of die drama nie bloot 'n klakkelose vertaling is nie, word ondersoek, met 'n kort samevatting van sy inhoud, gevolg deur 'n bespreking van Louw se personasies en 'n ontleding van die wyse waarop hy Tacitus se gegewens gebruik of aanpas. Tersaaklike sekondêre bronne word deurgaans erken, maar die hooffokus bly op Louw se teks. Louw se herinterpretasie van aspekte van die gebeure word in minstens één geval deur 'n argeologiese ontdekking gestaaf. Louw se uitbeelding van historiese figure word uitgewys as 'n poging om iets nuuts uit die gegewens oor hulle lewens te skep, eerder as om bloot Tacitus se interpretasie weer te gee. Aandag word gegee aan die verskil tussen die antieke en die moderne geskiedskrywing en Louw se toepassing van Tacitus se gegewens op 'n heel ander genre, naamlik versdrama. Louw se generiese spel word toegelig uit sy eie uitsprake oor die rol van intertekstualiteit in die skep van "iets nuuts": hy het 'n bepaalde greep uit die Romeinse geskiedenis gekies om drie temas vernuwend te verbeeld. Van drie oorheersende temas in die drama steun slegs die eerste sterk op Tacitus: die idee dat magshebbers deur hul magsuitoefening gekorrumpeer word, met gepaardgaande wreedheid, maar dat hulle ook magteloos is om daaraan te ontsnap. Die tweede tema, onmag, word verder ondersoek uit aanhalings uit driftige monoloë deur verskeie onderdanige karakters wat die bewussyn van hul magteloosheid teenoor hul oorheersers uitspel. Sodanige konfrontasies is skaars histories juis, maar word dramaties bevredigend as tekenend van Louw se boodskap bevind. Die derde tema blyk eweneens histories onwaarskynlik, naamlik die karakter Germanicus se vlugtige profetiese blik op die koms van 'n nuwe (Christelike) bedeling. Louw se eie politieke siening word hierna ontleed. Oor die vraag of *Germanicus* enigsins as 'n eietydse "politieke dokument" beskou kan word, word bevind dat dit beide eietyds én tydloos is: Louw se beskouing van mag en onmag is eweseer op die politiek van die hede as op politieke omstandighede van sy eie tyd van toepassing.

Trefwoorde: Afrikaanse versdrama; *Germanicus*; Louw, N.P. Van Wyk; mag en onmag; resepsie van Romeinse geskiedskrywing; Tacitus se *Annales*

Abstract**A classicist's analysis of the verse drama *Germanicus* by the Afrikaans poet N.P. Van Wyk Louw as a portrayal of power and powerlessness**

This article, by the translator of the verse drama *Germanicus* (1956) by the Afrikaans poet N.P. Van Wyk Louw (Claassen 2013), examines Louw's portrayal of power and powerlessness in his play and the originality with which he adapts his major historical source, the *Annales* of the Roman historian Cornelius Tacitus. Louw's reinterpretation of aspects of the historical events and personalities portrayed by Tacitus has in at least one case been proven more likely than that of his source; that is, since the archaeological discovery in Spain of some contemporary inscriptions referring to the events to which Tacitus and Louw refer. Emphasis is placed in turn on the degree of originality in Louw's adaptation of the original text, on his conceptualisation of the corruption inherent in all display of power and on the content and manner of presentation of the poet's political ideas, for which his work served as a vehicle.

The question of whether the drama is merely a fairly literal translation of Tacitus' narrative is discussed in the light of a brief summary of its contents, followed by a discussion of Louw's *dramatis personae*, together with an examination of the manner in which Louw applies or adapts the information provided by the Roman historian. Analysis of verifiable historical information shows that the drama collapses Tacitus' narrative of the events of the years 14 to 19 A.D. (from the death of the Emperor Augustus to the death of the hero, Germanicus Caesar) into a unit spanning some six to eight months. Two scenes are set on the Germanic borders of the Roman Empire of the time, in the camp to which Germanicus has been sent by his adopted father, the new emperor, Tiberius, to quell a potential uprising. Germanicus is shown as more interested in literature than in taking over imperial power, as he is urged to do by a fellow-officer, the Republican-minded Gnaeus Piso, who sees Germanicus' loyalty to the emperor as weakness.

Next, four scenes in Rome, all set in the imperial palace, portray the events of a few weeks after the hero's return to Rome. A series of confrontations between the main protagonists and a series of minor characters is discussed as essentially illustrative of the main concerns of this article. Each confrontation is shown to illustrate another facet of power and powerlessness. Germanicus' greatest desire is to remain pure in the context of the evil around him, but he becomes increasingly aware of factors that prevent this ideal of his. Tiberius is shown as escaping from his own awareness of the harshness needed to maintain power by taking his refuge in strong drink. In one scene, the dowager Empress Livia is portrayed as planning the death of Germanicus, her own grandson, a task she delegates to her personal physician (a character invented, plausibly enough, by Louw) and Plancina, the wife of Piso. The final two scenes are set in Petra, the capital of Nabatea (today's Jordan) and further east, before the temple of Apollo at Daphne in today's Syria. In scene seven there is a final break in the friendship between an already ailing Germanicus and his friend Piso, but in the last scene, the latter appears in disguise and attempts a reconciliation, which the dying Germanicus is, however, too apathetic to accept.

Appropriate secondary sources are acknowledged throughout, but the main focus of the article is on Louw's text and also on his various apposite essays and his correspondence with his brother W.E.G. Louw. Louw's portrayal of the historical persons of the era is shown in

the article to be an attempt to create something new from the material offered by Tacitus, rather than a mere regurgitation of Tacitus' interpretation of figures such as the emperor Tiberius Caesar (the successor to the Emperor Augustus, the *de facto* creator of Roman imperial rule), Livia, Augustus' widow and the mother of Tiberius, Germanicus Caesar, the latter's nephew and designated heir, and his wife Agrippina, and the major opponents (and dramatic foils) to these personages, the strongly republican Gnaeus Calpurnius Piso and his wife. The author shows how these personages are juxtaposed and how their interaction serves to drive the message of the drama.

Attention is next given to the generic differences between ancient and modern historiography. The ancients considered historiography to be a subsection of rhetoric, which would include use of "dramatic" monologues (often a vehicle for the author's own comments on events or persons). Louw's innovative adaptation of Tacitus' prose narrative as an apparently totally different genre, namely verse drama, is thus shown to be virtually the logical next step in Louw's use of Tacitus' material.

Louw's generic play is further illustrated by reference to his own various discussions of the role of intertextuality in the creation of "something new"; Louw chose a particular series of incidents in the history of Rome to serve as vehicles for the innovative portrayal of three main themes. Of these, only the first is strongly Tacitean: the idea that the powerful are corrupted by their hold on power, with cruelty as an inevitable concomitant (as in Lord Acton's famous dictum). Paradoxically, the powerful are equally powerless to escape from such excesses.

The display of the lack of power experienced by the subjugated, the second important theme in Louw's drama, is illustrated by Louw by means of passionate monologues in the mouths of various minor characters which show their total helplessness as set against the powers that rule over them. Confrontations between the outspoken weak and the equally outspoken wielders of power are historically unlikely, but are dramatically appropriate to Louw's subtle message. The hapless Roman soldiers on the German front explain their mutiny on the occasion of Tiberius' succession to Augustus as resulting from their powerlessness in the face of long years under the cruel rule of their military overseers, with meagre pay and very few prospects of a comfortable retirement. In Rome, Thusnelda, the captive and pregnant wife of the Germanic rebel Arminius (Louw calls him Herman) spells out her hatred of the unjust Roman rule over conquered nations. Next, the blinded slave Clemens appears, who has been horribly mutilated for attempting to pose as Germanicus' boorish uncle, Agrippa Postumus, the potential heir to imperial power, who had been liquidated soon after the death of his grandfather Augustus. Clemens pours out a vitriolic account of the excesses of the absolute rule by the house of Caesar before the horrified young prince Germanicus, whose ideal is to be "pure" and just in all he does. Against these, the apparent subservience of two "client-kings," namely Thusnelda's father, Segestes, in Rome, and the Nabatean king, in the (now Jordanian) ancient city of Petra, shows that even apparent kindness serves only to hide the Roman iron fist. In the last two scenes Roman officers are shown as reciprocally fearing the silent masses who appear to be mourning the imminent death of the young prince, Germanicus, but whose apparent hero-worship may at any moment boil over into anarchy and destructive violence. Throughout, even the holders of power are shown to be essentially powerless to change their own circumstances.

The third theme, an adumbration in the mouth of the dying Germanicus of a sweeping change to come, a new era about to dawn in the then known world (interpreted as the coming of the Christian era), is next briefly discussed. In the light of the historical realities of the then still ascendant Roman rule and the characters' obvious unawareness of a then still unknown young Jewish lad in the Roman protectorate of Judaea, this is shown to be historically unlikely, yet, with 20th-century hindsight, dramatically justifiable.

Louw's own political views next receive attention, with emphasis on his changing views on South African politics and his ever greater awareness of the need for a political nationalism that is grounded in justice and equity. In a literary article such a complex topic understandably must receive less attention than it deserves, but the author carefully argues that Louw moved from a more "instinctual" national loyalty to a much more rational search for truth and justice in the government of his day and saw himself as the "quasi-prophetic" political educator of fellow-Afrikaners. This theme is examined with appropriate reference to ideas and topics that appear in both Louw's poetry and his extensive prose. The article ends with an examination of the question of whether *Germanicus* may at all be considered a contemporary "political document". The author concludes that the drama is both contemporary and timeless: Louw's ideas about power and powerlessness are as much applicable to the present South African political scene (and that of the world) as it was to the political circumstances of his own era.

The article is illustrated with contemporary portraits of the main protagonists and provided with a simplified family tree of the Julio-Claudian (Caesarean) dynasty.

Keywords: Afrikaans verse drama; *Germanicus*; Louw, N.P. Van Wyk; power and powerlessness; reception of Roman historiography; Tacitus' *Annales*

1. Inleiding

Die versdrama *Germanicus* (1956) van N.P. Van Wyk Louw is gegrond op gegewens wat Louw ontgin het uit die werke van verskeie antieke geskiedskrywers, maar hoofsaaklik uit dié van die Romeinse skrywer Cornelius Tacitus (54–117 n.C.). Hierdie artikel probeer om vanuit 'n klassikus se perspektief Louw se vernuwende gebruik van sy stof te ondersoek en uit te wys hoe Louw die teenstelling tussen mag en onmag sodanig in sy geskiedkundige drama uitbeeld dat dit op enige tydsgewrig van toepassing sou kon wees.


Louw was 'n deurleefde klassikus wat, lank nadat hy in 1925 sy BA-graad by die Universiteit van Kaapstad verwerf het, nog steeds verskeie Latynse skrywers vir eie genot bly lees het (Louw 1970:70; vergelyk Steyn 1998:54). Volgens sy seun Peter (in 'n persoonlike mededeling) was Louw sodanig vaardig in die taal dat hy selfs by geleentheid 'n heerlike gesprek in Latyn gevoer het met 'n priester wat hy op 'n Italiaanse trein ontmoet het. Lewenslank kom Latynse woorde ongedwonge in sy briewe en geskifte voor, 'n teken dat die taal vir hom lewend gebly het.¹ Die mate waarin Louw op sy klassieke voorganger steun, is egter nie hoofsaak nie: die artikel gaan eerder in op die mate van skeppende vernuwing wat Louw verrig het om 'n eie boodskap deur die drama aan sy eietydse gehoor (en lesers) voor te hou.

Louw het etlike jare lank aan die drama gewerk; trouens, hy het dit reeds tydens die Tweede Wêreldoorlog begin skryf, maar dit is eers in sy geheel in 1956 gepubliseer. Dele daarvan het reeds vroeër verskyn; dele is vroeg reeds oor die radio uitgesaai. Kannemeyer (1978:408) skets die ontstaan van die drama in die jare 1944–1988 as die neweproduk van ’n onvoltooide drama wat gegrond sou wees op die lewe van ’n latere Romeinse keiser (Caligula, die seun van Louw se hoofprotagonis in sy versdrama, die Romeinse generaal Germanicus, aangenome kleinseun van keiser Augustus). Uit Louw se navorsing oor Caligula het die voltooide drama *Germanicus* blykbaar ontstaan.

Louw se poëtiese woordspel tref kragtig, maar as verhoogstuk word *Germanicus* as “te staties” beskou; wél eerder geskik as radiodrama. Antonissen (1962:8) skryf geesdriftig oor die diep indruk wat ’n radio-uitsending, vroeg in 1950 reeds, op hom gemaak het. W.E.G. Louw skryf aan sy broer in Desember 1956 dat hy ’n radio-opvoering daarvan sowat ses maande tevore “baie verdienstelik” gevind het (Kannemeyer 2011:491). Grové (1965:85) beskou die werk as ’n dramatiese gedig eerder as drama. De Villiers (1976:44–55) bespreek die werk as ’n tragedie, met as tema “die inherente en onafskeidbare vervlegtheid van die mens se gees ... met sy eie mens-wees in die breedste sin van die woord” (44). Brink (1959:1–25) meen dat beide Louw en Shakespeare herdefinieer moet word: die hoofprotagonis by beide het altyd die taak om te dien as kampvegter vir orde teenoor chaos. Hierteenoor meen Butler (1982:118) dat beide Germanicus en die Shakespeare-held Coriolanus (in die gelyknamige drama) die konflik tussen “Nature and Law, Dionysus and Apollo” deurleef om uiteindelik weer hulle nie-heroïese “common humanity” te aanvaar. Vir Antonissen (1962:180–5) weer is *Germanicus* eerder ’n sielkundige-idee-drama wat ’n “sublieme dispuut” uitbeeld. Renders (2006:424) beskou *Germanicus* as “’n drama oor die politieke verantwoordelikheid van die heerser en oor die basis waarop samelewings gebou moet word”. Ek wil juis die onvermydelike teenpool hiervan beskou: die lyding van die oorheersdes onder magsbehepte heerskappy, hetsy van ’n individu of van ’n ryk.

Germanicus is in die verlede dikwels as voorgeskrewe boek vir matriek-Afrikaans gebruik. Die resepsie van, of reaksie op, die drama deur beide redelik ongekunstelde hoërskoolleerders en intelligente lekelesers is steeds ’n omstrede onderwerp in Afrikaanse literêre kringe. Daar kan aanvaar word dat die gemiddelde jong leser (inderdaad ook die deursnee-Afrikaans-onderwyser) die teks met min (of géén) kennis van die historiese agtergrond benader het; waarskynlik so ook die grootste gedeelte van die volwasse gehore tydens die vier geleenthede dat die drama op die planke gebring is (1957, 1958, 1971 en 1981).² *Germanicus* is vir die eerste maal kort na sy publikasie met die inwyding van die destyds nuwe Bellville-burgersentrum opgevoer. Ek was as ongekunstelde 17-jarige deel van daardie eerste gehoor. My Latyn-kennis was destyds maar minimaal, my kennis van die Romeinse geskiedenis nog yler. By die derde opvoering van die drama, in die H.B. Thom-teater op Stellenbosch in 1971, kon ek as jong Latyndosent die drama met groter insig waardeer. Louw se dramatiese inleiding van (vir my teen hierdie tyd reeds bekende) historiese feite en die geniale poëtiese krag van sy woorde het my toe diep beïndruk.

Ek het vir die volgende 40 jaar die ideaal gekoester om hierdie drama aan ’n internasionale gehoor, veral ’n gehoor van medeklassici, bekend te stel. Eers ná my aftrede uit die Stellenbosse Departement Antieke Studie (2001) het ek begin om, met verlof van Louw se nageslag en sy uitgewer, die drama in Engels te vertaal, met behoud van sy poëtiese en dramatiese formaat (Claassen 2013).³



Figuur 1. Boekomslag van die vertaling

Hierdie artikel vloei uit navorsing wat ek moes doen om 'n sinvolle inleiding vir my vertaling te kon skryf. Die inleiding moes sodanig wees dat dit internasionale klassici én mense uit die ganse teaterwêreld, klassiek of modern, van die nodige agtergrond tot die drama sou voorsien.⁴ Ek wou vir klassici laat insien hoe geniaal die Suid-Afrikaner Louw met Tacitus se stof omgegaan het; vir teaterlui wou ek 'n sinvolle blik op die geskiedkundige agtergrond van die drama verskaf. Dit is egter nie daardie oorwegings nie, maar Louw self, sy diepe insig in die menslike geaardheid en in die aard van magsuitoefening, wat die skryf van hierdie artikel geïnspireer het. Onlangse herlees van die drama het my tot verdere, nuwe insigte gebring, insigte wat skreiend toegelig word deur die huidige stand van die Suid-Afrikaanse politiek. Daarom hierdie studie oor Louw se uitbeelding van mag en onmag.

2. Waaroor gaan *Germanicus*?


Vir klassici is die hoofbelang van die drama Louw se helder uitbeelding van één bepaalde Romeinse geskiedskrywer (Cornelius Tacitus) se siening van die inherente morele dilemma waarmee enige magshouer (en, by implikasie, magsbehepte) gekonfronteer word. Téén De Villiers (1976:44), 'n dramakundige, se enkelvoudige beskouing van die tema van die drama as slegs die dilemma van “mens-wees in sy tyd en sy omgewing en [verwagte] optrede in hierdie tyd en omgewing” vind ek *drie* oorheersende temas. Eerstens⁵ toon Louw die botsing tussen die behoefte van enige samelewing aan ordelike bestuur, en sy leier (of heerser) se verlies aan menslikheid weens 'n groter wordende magsug en toenemende sorg vir eiebelang. As teenpool hiervan ervaar die oorheersdes 'n toenemende gevoel van magtelosheid. Daarby kom egter nog 'n faktor: die magshebber word in 'n sekere sin die gevangene van diegene oor wie hy sy mag uitoefen, 'n faktor wat vandag steeds nie onbekend is nie. Onderliggend aan

die oënskynlike wispelturigheid van populistiese leiers is hul behoefte om in die guns te bly van diegene wat hulle in 'n magposisie hou.⁶ Die heerser kan uit sy eie magposisie nie ontsnap nie (vgl. Van de Mierop 2017 se bespreking van die reikwydte, al dan nie, van regerende mag). Daar is te veel op die spel. Dáárin lê sy onmag. Dít gee 'n effens ander kleur aan die bekende uitspraak van die Britse historikus lord Acton (1834–1902) oor die korrumperende gevolge van absolute mag. Hierdie gedagte kan verder uitgebou word met verwysing na die stelling van die politieke realis Hans Morgenthau (1964) dat “die internasionale politiek, soos alle politiek, 'n stryd om mag is”. Dit is hierdie stryd wat 'n magshaber, ter wille van eie behoud, nie kan laat vaar nie. Dit sou oorvereenvoudigend wees om die huidige bekgeveg tussen die staatshoofde van Noord-Korea en die VSA af te maak as slegs 'n stryd om mekaar se mag te breek: vir albei kom daar blykbaar ook die element van “eersug” by, wat ook sterk in die antieke etiese beskouings van die leierstand, veral van die Romeinse adel, ter sprake was. Germanicus se sin van eiewaarde dryf hom tot 'n soeke na “suiwerheid”, deur De Villiers (1976:45) getipeer as “selfsugtige ydelheid”. Louw beeld hierdie botsende elemente uit deur middel van enersyds 'n intelligente interpretasie van die inligting wat deur sy verskeie antieke bronne gebied word, en andersyds 'n verbeeldingryke (her-)skep van die soort gesprekke wat in die antieke geskiedskrywing die norm was, soos hier onder in afdeling 4 uitgewys sal word.

Die drama beeld die laaste vyf lewensjare (14–19 n.C.) uit van die jong en gewilde Romeinse generaal, Germanicus, die agter-agterkleinneef van Julius Caesar. Die magtige Caesar het die demokratiese republikeinse Rome prakties tot 'n tipe monargie vervorm. Sy opvolger, die eerste Romeinse “keiser”, Augustus, het die outokrasie wat hy van Julius Caesar geërf het, verbloem met die skyn van 'n demokratiese “herstel van die Republiek”. Augustus het sy stiefseun, Tiberius, ook 'n bekwame generaal, reeds sowat tien jaar voor sy (Augustus se) dood as sy opvolger aangeneem⁷ en het Tiberius verplig om op sy beurt sy broerskind, die jong Germanicus, as die volgende aanspraakmaker tot heerskappy aan te wys. Deur hierdie kunsmatige voortsetting van die Caesar-dinastie is die Romeinse stelsel van demokratiese regeringverkiesing die finale nekslag toegedien. Toegegee, dit was reeds eeue lank die gebruik dat sekere vooraanstaande families die jaarlikse verkiesings van alle regeringsampte oorheers het. Nou was daar egter geen sweem meer van die demokratiese skyn wat Augustus aan sy heerskappy probeer heg het nie. Dat die Caesars (keisers) se mag absoluut was, is nie langer verbloem nie.



Figuur 2. Julius Caesar, Tiberius Claudius Nero en Germanicus Caesar



Figuur 3. 'n Verkorte stamboom van die Julio-Claudiërs

Daar was egter steeds 'n sterk prorepublikeinse faksie onder die voorheen magtige Romeinse aristokrasie, wat onder Augustus tot 'n tandlose skynparlement van insiklike ja-broers verswak is. Een van hierdie aristokrate was ene Gnaeus Calpurnius Piso. Die idealistiese jong Germanicus is deur baie beskou as 'n potensiële redder, 'n ware hersteller van die Republiek. Germanicus was egter vasgevang in sy eie passiwiteit. Die historiese Germanicus was 'n intellektueel, met 'n intense belangstelling in die sterrekunde. Hy is bekend vir sy vertaling in 725 vernuftige Latynse verse van die leerdig oor dié onderwerp van die Griek Aratos. Sy verbanne tydgenoot, die Latynse digter Ovidius, rig uit sy ballingskap verskeie digterlike vertoë aan Germanicus as 'n "mededigter".⁸ Toegegee, om beide digter én doener te wees was nie onbekend in die geleedere van die Romeinse leiersklas nie. Louw beeld egter deurgaans vir Germanicus as 'n dromer uit: in die eerste twee tonele as 'n veldheer met groter belangstelling in die Griekse sterrekunde as in sy voorbereiding vir 'n belangrike veldslag. Dit strook met Tacitus se uitbeelding van sy held.

Daar is egter ook 'n keersy: Germanicus wou "suiwer" (Louw se woord) lewe, maar het tog ook 'n drang na magsuitoefening gehad. Sy magswil stry gedurig met sy behoefte om rein en edel te leef. Hierdie stryd blyk al hoe duideliker in sy gesprekke met ander personasies in die drama. In agt tonele toon Louw Germanicus se immer groeiende, maar skynbaar willose, weersin in mag en die onvermydelike erfenis van heerskappy wat hom te beurt sou val. Sy uiteindelijke passiewe aanvaarding van sy eie dood tree deur die verloop van die drama al hoe sterker na vore. Dit geskied uiteindelik aan die hande van 'n lakei van Augustus se weduwee, Livia, die moeder van Tiberius (ook Germanicus se ouma). Louw impliseer dat Germanicus toenemend besef het dat sterf ál uitweg was, die enigste wyse waarop hy van sy lot (om ook korrupte dwingeland te word) kon ontsnap. Hier geld Louw se eie vertolking; dít kry hy nie by Tacitus nie.

3. Louw se bronne

Hierdie gegewens het Louw grotendeels gewin uit die eerste drie boekdele van die Romeinse geskiedskrywer Cornelius Tacitus se historiese relaas, die *Annales* (Jaarverslae), aangevul met verwysing na ander geskiedskrywers soos die biograaf Suetonius (Conradie 1974b; Van Vuuren 1988). Louw het per geleentheid in 'n radio-onderhoud vertel dat hy hom van ongeveer November 1941 tot Februarie 1943 verdiep het in intensiewe studie van verskeie bronne (Steyn 1998:403–5), waarskynlik in die oorspronklike Latyn, waarin hy goed onderlê was.

Louw se merkwaardige historiese sin word geopenbaar in sy interpretatiewe lees van die historiese feite waarvoor Tacitus kon beskik het. Louw se interpretasie is trouens meer konsekwent en moontlik ook meer bevredigend as sy antieke voorganger se siening van die historiese gegewens (wat gebeurde dek van die dood van Augustus in 14 n.C. tot die dood van Germanicus in 19 n.C.). Louw het die gebeure ingekort en selfs insidente gekombineer om Tacitus se vertelling meer sinvol te kan aanbied. Die gebeure wat die ruggraat van die drama behels, laat Louw in die bestek van sowat ses of agt maande afspeel.⁹ Inderwaarheid was daar 'n tydsverloop van vyf jaar tussen die dood van Augustus en Germanicus se sterfte (knap opgesom deur De Villiers 1976:6–16). Tacitus se chronologiese vertelling in *Annales* 1–3.4 maak dit duidelik. Die gebeure wat in Louw se eerste paar tonele uitgebeeld word, Germanicus se onderdrukking van 'n muitery by die leërhoofkwartier naby Keulen, het in 14 n.C. plaasgevind (Tac. *Ann.* 1.35.3),¹⁰ waarna hy elders ook oproer onderdruk het en mettertyd 'n reeks eerbewyse van Tiberius ontvang het (1.36.3–54.1). In dié tyd het Germanicus 'n veldtog teen die Marsi-stam gevoer (1.49.3–54.4). Vroeg in 15 het Germanicus en sy kollega Caecina oor die Ryn teen die Germane opgeruk en die “mak” Germaanse leier Segestes van beleëring deur sy eie skoonseun Arminius ontset (1.56.1–58.5). Hy neem toe sy troepe op 'n gedenktog na die Teutoberger-woud waar 'n ganse Romeinse legioen in 9 deur Arminius se magte vernietig is. Hulle versamel die beendere van gevallene soldate en hou begrafnis (1.59–62). In hulle terugtog ly die leër swaar verliese vanweë Arminius se beleid van hindernisaanvalle doen, maar seëvier tog in 'n groot veldslag langs die Weserrivier (2.16–18). Winterstorms teister hulle vlotte as hulle oor die rivier terugtrek (2.23–26). Gedurende 15 en 16 herwin die Romeine die twee legioensadelaars wat in die Teutoburger-woud buitgemaak is (1.60.1–2.25.1). Sodanige adelaarvaandels was gewyde simbole by elke legioen, wat soldate soos 'n godheid vereer het.



Figuur 4. 'n Germanicusmunt

Die tweede boek van die *Annales* gee verdere besonderhede van Germanicus se terugkeer na Rome in 17. Marais (2010) skryf Tiberius se terugroep van sy broerskind aan jaloesie toe; die algemene konsensus onder klassici is egter dat Germanicus se oorwinnings aan die noordelike front vir Rome moontlik takties bevoordeel het, maar strategies onwys was. Dit is duidelik ook Louw se siening. Hy lê kritiek op Germanicus se oorwinnings in die keiser se mond:

Hoor hier, hulle sê jy's slim, ek wil jou vra:
het jou ses groot oorwinnings in Germanië
die Noorde stil gemaak en onderdanig? (72)

Tiberius oorlaai die jong volksheld egter met eerbewyse. Tacitus noem Germanicus se verkiesing tot medekonsul vir 18, waarna hy met vergrote oppergesag deur Tiberius na die Ooste afgevaardig word. Hy verlaat Rome in laat 17 en trek geleidelik deur onder andere Dalmasië (die hedendaagse Kroasië), waar hy op 1 Januarie 18 amptelik die konsulaat opneem. Germanicus reis deur die onderworpe Griekssprekende gebiede wat reeds sowat 150 jaar onder Romeinse beheer is (Tac. *Ann.* 2.53.1–54.2). In Armenië los hy 'n inheemse opvolgingstryd op (2.56.2) en trek verder deur Sirië, waar Piso as “stadhouer” die Romeinse opsigter van die plaaslike bestuur is. 'n Smeulende konflik tussen die twee vlam verder op (2.57). Aan die begin van 19 vertrek Germanicus op 'n soort “toeristereis” waartydens hy sy akademiese en literêre belangstelling voed met 'n besoek aan die vermaerde setel van antieke kennis, Aleksandrië in Egipte. Piso reis nie saam nie. Blykbaar doen Germanicus hom in Egipte voor as 'n soort “tweede Aleksander die Grote”. Berig hiervan haal hom Tiberius se woede op die hals (2.59.1). Germanicus vaar met die Nyl suidwaarts tot by die Moerismeer en besoek op sy tog ander bekende stede, soos Thebe en Memphis (2.60–61). Eers in die laat somer van 19 gaan hy terug na Antiochië, waar die struweling met Piso verder toeneem (2.69.1). Teen hierdie tyd is Germanicus ernstig siek. Op sy sterfbed beskuldig hy Piso en sy gade daarvan dat hulle hom vergiftig. Hy sterf op 10 Oktober 19 n.C. (2.72.2). Sy as word Rome toe gebring en in Augustus se praalgraf (die sogenaamde Mausoleum Augusti) saam met dié van ander familieleden gebêre (3.4). Die algemene mening onder kenners is dat hy waarskynlik aan natuurlike oorsake beswyk het (Ziegler en Sontheimer 1979, Band 2:770.2.4).

Louw se hoofprotagoniste is, soos Tacitus s'n, die held Germanicus, sy voormalige vriend maar mettertyd bittere vyand, Gnaeus Piso, albei se eggenotes (onderskeidelik Agrippina, ook 'n kleindogter van Augustus, en Plancina, die handperdjie van Augustus se weduwee Livia) en natuurlik, les bes, die nuwe magshebber, keiser Tiberius, Livia se seun, wat deur sy stiefpa aangeneem is, en Livia self. Ek het in 'n vorige artikel (Claassen 1996) geoordeel dat Louw se grootste vernuwende bydrae in *Germanicus* sy voorstelling van die ingewikkelde verhoudinge tussen die verskeie protagoniste is, maar ek het nou 'n selfs groter bewondering vir Louw se intuïtiewe interpretasie van die gebeure gedurende die laaste vyf jaar van Germanicus se lewe, asook sy uitbeelding van die onlosmaaklike verband tussen magshebber en oorheersdes.¹¹ Louw maak interpretatiewe sin van Tacitus se relaas, wat meer enkelduidend sig op die groeiende vergrype van die keisers toelaat (vgl. Devillers 1993).



Figuur 5. Agrippina die Ouere, vrou van Germanicus

4. Die drama in kort¹²

Die eerste twee van agt tonele speel af in Germanië, op die noordelike grens van die Romeinse beheergebied, waar Germanicus se soldate dreig om te muit. Die generaal, vermom in 'n donker mantel, kom luister onopsigtelik na die oorlogsmoeë veterane se klagtes oor lang jare van ondankbare diensplig in die koue noorde. In 'n volgende toneel probeer sy vrou Agrippina vir Germanicus aanspoor om meer dinamies op te tree. Sy offisiere, onder leiding van Piso, spoor Germanicus aan om op te ruk na Rome om die mag by Tiberius oor te neem. Hy weier, die muitery word onderdruk en een offisier pleeg selfdood. Hierná vuur Germanicus sy magte aan om 'n nuwe veldtog teen die plaaslike Germaanse rebelle te onderneem. Die tweede toneel eindig met die vier van 'n gedugte oorwinning deur die Romeinse magte.

Vier tonele in Rome volg, waarin enersyds die gewetenloosheid en korrupsie wat die behoud van absolute mag verg, geleidelik getoon word, en andersyds ook die volledige onmag van 'n skynbaar magtige heerser as die onwillige slagoffer van die gepeupel wat hom aan bewind hou. In hierdie sentrale vier tonele in Rome raak die jong Germanicus toenemend meer ontsteld oor die wreedhede wat 'n magshebber moet pleeg om aan bewind te kan bly. In 'n reeks gesprekke tussen Germanicus en Tiberius kom die jong man agter dat Tiberius sy toevlug tot drank geneem het om hierdie verskriklike wreedhede te kan bly pleeg. Dit sluit in die foltering van 'n slaaf, genaamd Clemens, wat hom as potensiële opvolger van Augustus probeer voordoem het, die aanhoor van 'n vloek op Romeinse kolonialisme deur die hoogswanger gevange vrou van 'n Germaanse opstandeling-koning en die daaglikse ondertekening van doodsvonnisse van lyste moontlike vyande. Al hierdie afgryslikhede bring Germanicus nog nader aan sy eie afgrond: 'n beangste besluiteloosheid en 'n besef van sy onmag om sy lot as toekomstige heerser, en dus onderdrukker, te ontwyk.

Verskeie tonele tussen die hoofvrouekarakters dra by tot die ontplooiing van 'n situasie waar Germanicus toenemend as die slagoffer van 'n willose aanvaarding van sy lot as opvolger-

wreedard uitgebeeld word. Hierteenoor bly Agrippina vurig ambisieus – haar man móét oorneem en ’n “suiwer” heerser word wat al die euwels van sy voorgangers ongedaan sal maak. Gesprekke tussen “moeder” Livia en verskeie ander persone toon ’n verbitterde vrou wat alles feil het vir ’n seun (Tiberius) wat haar doelbewus verwerp. Sy vrees die edele mag van Germanicus en Agrippina, en smee dus ’n komplot met Piso se vrou, Plancina, om Germanicus te laat vergiftig as hy as Rome se hoofgesant na die Nabye Ooste gestuur word.

Die sewende en agtste toneel speel in die Nabye Ooste af. In die sewende toneel woon die Romeinse gesante ’n feesmaal by wat deur die koning van Nabatea in die stad Petra aangebied word. Die gasheer bied as teken van eerbetoon ’n goue kroontjie aan elk van die Romeine. Germanicus aanvaar syne beleefd; Piso verwerp dit met minagting as “on-Romeins”. Ná ’n woeste woordewisseling sweer ’n reeds olike Germanicus die vriendskap van Piso formeel af. Dit is duidelik dat hy tekens van vergiftiging toon, maar hy weier dat Agrippina iets daaromtrent doen. Sy passiewe aanvaarding van sy lot is nou volkome (vgl. Schunck 1955 se beoordeling van Tacitus se uitbeelding van dié gebeure). Conradie (1966:18) meen dat Louw die tema van vergiftiging gebruik om te “veruiterlik wat in Germanicus se gees gebeur” nadat hy in sy gesprek met Tiberius bewus geword het van die onontwykbaarheid van sy lot as lid van die heersersdinastie wat aan bewind staan.

In die laaste toneel (voor die tempel van Apollo by Daphne, naby die setel van Romeinse beheer in die Nabye Ooste) word in die agtergrond die stille opmars van ’n skare Siriese onderdane gewaar wat oor Germanicus se ongesteldheid begaan is – ’n oënskynlik gedwee aanvaarding van Romeinse bestuur deur koloniale onderdane. Dit stem Germanicus se offisiere tot onrus. Die Siriese gepeupel is bekommerd oor die toenemende siektetoestand van hulle charismatiese jong Romeinse heerser, maar hul spontane beweging kan moontlik te eniger tyd in geweld ontplof. ’n Vermomde Piso daag op om versoening met die reeds sterwende Germanicus te soek. Hy verwyt sy gewese held vir sy deurlopende weiering om óók tot geweld oor te gaan.

Die drama eindig met Germanicus se finale aanvaarding van sy lot. Voor hy sterf, lui Germanicus se laaste woorde op sy passiewe wens dat daar tog iets goeds in die toekoms sal lê. Sy laaste woorde rig hy beurtelings aan Piso en Agrippina:

Gaan nou maar, Piso. Ons sal nie eintlik groet nie. (*Piso af*)
Nou word dit sterftyd, liefste, ek was lief
vir jou. Laat hulle my dra na binne.
En dalk gaan niks verlore nie. (115–6)

Hier kom Louw se “byna bo-menslike historiese besef” (Piek 1971) by sy hoofkarakter tot uiting. Hierin verskil Louw egter van Tacitus se oorspronklike vertelling. Volgens Tacitus het die sterwende Germanicus te midde van wydverspreide geweeklaag vir Piso en Plancina beskuldig van moord en omhoog om wraak geroep (*Ann.* 2.69). Schunck (1955:131–4) meen dat Tacitus hier doelbewus die skuld vir Germanicus se dood op Piso oorskuif om die inherente skuld van die keiserlike familie te beklemtoon deur ook Piso as *ein Opfer des Tiberius* (’n slagoffer van Tiberius) uit te beeld. Vir Tacitus is dit verdere bewys van die vervolging van verpersoonlikte Deug deur Brutaliteit en Tirannie. Sodanige uitbeelding, as Louw Tacitus hier strenger sou nagevolg het, sou moontlik die dramatiese katarsis gebied het wat Piek (1971) tevergeefs in die drama soek, maar dan sou Louw se eie, sagter interpretasie van sy held se sterwensoomblikke vir sy leserspubliek verlore gewees het.

5. Generiese spel by Tacitus en Louw

Publius Cornelius Tacitus was 'n geskiedskrywer, lid van die Romeinse aristokrasie, wat dit tog tydens die neerdrukkende skrikbewind van keiser Domitianus laat in die 1ste eeu n.C. reggekry het om ongeskonde te oorleef. Hy het sy *Annales* egter eers in die gunstiger klimaat van die volgende keiser se bewind die openbare lig laat sien. Die Britse kritikus Don Fowler (2000:278) bespreek die narratologiese keuses wat enige geskiedskrywer moet uitoefen om 'n opeenvolging van gebeure sodanig aan te bied dat dit sig tot sinvolle interpretasie verleen. Dit beteken die mees “onbevange” geskiedkundige vertelling het noodwendig 'n mate van ideologiese onderbou. Selfs met die mees neutrale relaas van gebeure kies die skrywer om dáárdie gebeure te vertel (en dikwels te beklemtoon) wat sy voorgenome tema die beste sal uitbeeld. Tacitus begin sy *Annales* (1.1) met die aanspraak dat hy *sine ira et studio* gaan skryf, dit wil sê, sonder drif of vooroordeel, maar hy doen in werklikheid hierdie belofte geensins gestand nie. Volgens Christes (1994) klink Tacitus dikwels objektief juis wanneer hy op sy mees subjektiewe skryf, maar op so 'n wyse dat dit wil voorkom asof hy doelbewus twyfel by sy eietydse lesers wil wek. Tacitus is by die meeste klassici bekend vir sy dikwels siniese interpretasie van die historiese feite tot sy beskikking (Syme 1970). Sy verskeie werke toon 'n sterk vooroordeel teen die keiserlike regeringsmodel en het 'n sterk republikeinse inslag. Hy is uitermate negatief oor haas elke lid van die Julio-Claudiese stam; trouens, slegs Germanicus word positief deur hom geteken (Syme 1958:498). Louw volg, soos reeds aangedui, merendeels Tacitus se interpretasie, maar met uitsonderings.

Daar word allerweë aanvaar dat daar 'n groot verskil tussen die antieke en die moderne geskiedskrywing is (vir 'n bondige uiteensetting, raadpleeg Shuttleworth Kraus 2004; vgl. Marais 2010:2-4). Vir antieke kenners was die geskiedskrywing, oftewel historiografie (van die Griekse verbinding *historêô*, “om te leer deur navorsing”, met *grafô*, “ek skryf / pen neer”), 'n afdeling van die letterkunde. Vir antieke skrywers was *historiografia* die neerpen van wat jy kon uitvind, eerder as van wat geskied het. Hierdie *historiografia* is beskou as 'n onderafdeling van die retoriese genre, 'n hoogaangeskrewe prosavorm (Cicero, *De oratore* 2.62), en daar is aanvaar dat dit ook verband hou met die epiese digkuns (Quintilianus, *Institutio oratoria* 10.1.31; vgl. Shuttleworth Kraus 2004:242). Die subtitel van Leven en Nellis (2002) se versameling letterkundig-kritiese artikels dui op sodanige algemeen-aanvaarde wedersydse verband: *Augustan poetry and the traditions of ancient historiography*.

Die antieke geskiedskrywing was dus allereers letterkunde, nie 'n wetenskap nie. Dit was onderworpe aan die reëls wat vir die letterkunde geld, met as vereistes goeie taalgebruik, treffende stylfigure en allerlei retoriese slimmighede. Die verband daarvan met die digkuns kort moontlik verdere uitstippeling. Aristoteles (*Ars Poetica* 9) stel dit dat die historikus werklike gebeure neerpen, terwyl die poësie gemoeid is met “wat moontlik kan gebeur”. Vir hom is die digkuns “meer filosofies en dus meer beduidend” as die geskiedenis, omdat die digkuns gemoeid sou wees met die universele, terwyl hy meen dat die geskiedenis hom bemoei met die individuele en persoonlike. By poësie het ons dus te make met “wat sou kon gebeur”, 'n hipotetiese en kreatiewe voorstelling van die waarskynlike en noodwendige. Die geskiedenis, daarenteen, is 'n empiries toetsbare, niefiktiewe vertelling wat met dokumentasie gestaaf kan word (vgl. Nikulin 2017, hoofstukke 1–4).

Dit ten spyt, het die Romeinse geskiedskrywers, hoewel hulle werke merendeels op (beskikbare) dokumentasie soos senaatsrekords en verslae en die opgetekende dade van spesifieke konsuls berus het, tog ook sterk retories-ingekelede toesprake ingesluit, wat (op

teen-Aristoteliaanse wyse) eerder die waarskynlike as die empiries bewysbare verteenwoordig het. Dit vloei uit die letterkundige aard van antieke geskiedskrywing. Dat hierdie verband allerweë in klassieke kringe as byna aksiomaties aanvaar word, is juis onderstreep deur die tema en titel van ’n kongres wat in September 2017 te Gent gehou is: “Rhetoric and historiography in Late Antiquity”. Dit was gebruiklik by antieke geskiedskrywers, van die Griek Herodotos af verder, om toesprake in die mond te lê van die historiese figure wie se dade hulle boekstaaf. Die “historiese juistheid” al dan nie van sodanige toesprake is ’n blywende vraagstuk in die beskouinge van kundiges (vgl. verskeie artikels in Stadter 2012 of Parry en Kagan 1975).

Die algemene oordeel is dat toesprake een van twee funksies vervul het: dit kon uitbeeld wat moontlik by ’n betrokke geleentheid gesê kon gewees het, of dit kon die eie kommentaar van die skrywer op bepaalde gebeure of tendense in die geskiedenis weergee. Seker die bekendste sodanige kommentaar kom voor in die “begrafnisrede” van die Atheense leier Perikles in die Griekse geskiedskrywer Thokudides se *Geskiedenis van die Peloponnesiese Oorlog* 2.34-46, waarin hy die redes vir Atheense glorie vir sy gehoor van burgers uiteensit. Dié “toespraak” word deur die loop van sy verdere vertelling egter nie deur Thokudides sonder kommentaar gelaat nie. Hy verwoord in debatformaat die onderhandelinge tussen die Atheense burgers en ’n afvaardiging van inwoners van die eiland Melos. Laasgenoemdes brei breedvoerig uit oor hoekom sy “leierskap” deur Athene se onderdanige kollegas binne die Atheense Verbond as dwingelandy ervaar word (Thoek. 5.84-116; vgl. Morgenthau 1964 se siening oor die aard van internasionale politiek). Ook by Tacitus is sodanige toesprake te vinde. ’n Dikwels-aangehaalde voorbeeld is die kritiek op Romeinse ryksuitbreiding deur die leier van die Kaledoniese (Skotse) Konfederasie, Calgacus, in Tacitus se biografie van sy skoonpa, Julius Agricola, eertydse goewerneur van Brittanje. ’n Inheemse leier som Romeinse dwingelandy soos deur die Britte ervaar, striemend op: “Om te verwoes, te slag en onder valse voorwendsels te beset, dít noem [die Romeine] ’n ‘ryk’, en waar hulle ’n woestyn skep, noem hulle dit ‘vrede’” (vertaal deur skrywer uit *Agricola* 30).

Tacitus was ook, soos Louw, ’n vernuwende literator, met ’n besondere skryfstyl. Sy Latyn is bondig, soms selfs kripties, en versier met treffende, pittige stellings soos Calgacus se tipering van Romeinse optrede hier bo aangehaal, of sy bondige beskrywing van die dwingelandy waaraan die Romeinse hoë lui hul toenemend begin onderwerp het: *At Romae ruere in servitium consules, patres, eques* (*Ann.* 1.7.1, “Maar te Rome het hulle die slawerny binnegestorm: konsuls, senatore, ridders”). Tacitus se prosastyl is dikwels ellipties, met die weglaat van verbindingswoorde, selfs van werkwoorde, sodat dit soms soos ’n katalogus van naamwoorde klink en nie altyd streng gesproke grammaties saamhang nie, soos in die twee frases wat op bostaande sin volg: *Quanto quis inlustrior, tant magis falsi et festinantes* (“hoe meer befaamd iemand (enkelvoud) se afkoms, des te meer [was hulle (meervoud)] vals en haastig [om trou aan Tiberius te sweer]”). Dit herinner sterk, *mutatis mutandis* (as jy dit kontekstueel aanpas), aan Louw se eie bondige, selfs kriptiese, poëtiese Afrikaans. Trouens, Tacitus se prosa is dikwels as kwasipoëties bestempel.

Letterkundige intertekstualiteit is ook by antieke geskiedskrywing ter sprake; dit wil sê, ’n latere skrywer kon uit voorbeelde van retoriese inkleding deur een van sy voorgangers put. In die gedeelte van Tacitus se *Annales* (1–3) waaruit Louw sy gegewens vir *Germanicus* geput het, kom daar ’n senaatsdebat voor oor die wenslikheid, al dan nie, daarvan dat ’n goewerneur se vrou hom na ’n provinsie vergesel (3.33–4). Dit is vergelykbaar met die ouer geskiedskrywer Livius se relaas oor ’n soortgelyke debat oor weelde (*Livius* 34.1–8).

Shuttleworth Kraus (2004:244) opper die argument dat sodanige literêre eggo's genoeg afstand aan eietydse lesers sou bied om die breër betekenis van historiese gebeure onbevange te kon onderskei; met ander woorde, 'n retories-ingekelede debat binne 'n "historiese" relaas wat heenwys na 'n literêre voorganger, dien om die besondere as universeel uit te wys. Louw se steun op sy antieke bronne het ook hierdie veruniverseelde eienskap aan sy versdrama verleen.

Louw se weergawe van die gebeure van die jare 14–19 n.C. is geen klakkelose "vertaling" van Tacitus se relaas nie. Vertaling was vir Louw belangrik vir die skep van 'n nasionale letterkunde, soos afgelei kan word uit die strekking van sy inleidende artikel by J.P.J. van Rensburg se vertaling uit Grieks van die drama *Die vroue van Troje* (Louw 1945, Van Rensburg 1945). Hy was as kundige klassikus gegrondves in 'n lang letterkundige tradisie. In hierdie inleiding beklemtoon hy dat tradisie, oftewel oorlewering, as grond vir die letterkunde dien. In die konteks van 'n bespreking van "oorspronklikheid" onderskei hy tussen *imitatio* (nabootsing) en *aemulatio* (die navolging van 'n voorbeeld, Louw 1945). Louw se *Ars poetica* (die digtingskuns) uit sy *Tristia* (Treurliedere)¹³ eindig met die gedagte dat ons verplig word om die "skepping van die godheid" te herskep in woorde wat "maar klank en teken" is (Louw 1962:35; vgl. Kannemeyer 2011:449, Pretorius 1972). Van Vuuren (1989:41) interpreteer hierdie gedig as sou Louw bedoel het dat die "klassieke, monumentale werke" van groot woordmeesters nie nageboots mag word nie, slegs "mindere werke" wat nie geslaagd is nie. Dit klink na 'n oorvereenvoudiging wat die rol van intertekstualiteit in Louw se werk wil ontken. Tacitus se *Annales* is inderdaad beide "klassiek" en "monumentaal". Ek laat egter hierdie saak daar om eerder klem te lê op die nabootsingaspek: om wat reeds geskryf is op 'n nuwe wyse aan te bied, was die antieke intertekstuele norm.¹⁴ Aan die mate waarin 'n skrywer sodanige voorbeeld aanpas, het antieke lesers die skrywer se oorspronklikheid beoordeel. Dit is hierdie oorspronklikheid wat die integriteit van die nuwe werk verseker. Dit is 'n versoeking om dit te stel dat Louw met die skep van sy *Germanicus* ook aan hierdie antieke vereiste voldoen het.¹⁵

Albei skrywers het inderdaad 'n generiese spel gespeel. Dieselfde gebeure kan in enigen van 'n verskeidenheid genres ingeklee word: geskiedenisboek, roman, rolprent, ballade, verhalende gedig – of 'n versdrama soos *Germanicus* of Opperman se *Periandros van Korinte*. Uit Tacitus se oënskynlik bloot annalistiese vertelling, maar inderwaarheid hoogs tendensieuse weergawe van 'n kritieke tydperk in die bestuursgeskiedenis van byna die geheel van die destyds bekende wêreld, het Louw sy kragtige poëtiese drama geskep. Die drama dra gewigtig aan 'n eie, eweneens tendensieuse boodskap. Met sy *Germanicus* het Louw as skeppende en verbeeldingryke digter dus gekies om 'n immergeldende menslike probleem uit te beeld binne 'n spesifieke historiese raamwerk soos dit deur 'n ander skeppende woordkunstenaar (Tacitus) in 'n byna poëtiese prosa uiteengesit is, maar met 'n grondige wisseling van genre, van annalistiese vertelling na versdrama (vgl. Wiseman 1994). Hierdie herskepping was 'n tweeledige proses. Louw moes eerstens die volle implikasies van Tacitus se bondige, selfs kriptiese, Latyn ten volle ontleed en dit dan in sy moedertaal herbedink. Hierna moes hy die historiograaf se gegewens herkonseptualiseer as 'n poëtiese drama, met al die beperkinge én moontlikhede wat die omskepping van 'n *leesbare* na 'n *speelbare* medium sou behels, én met inagneming van die feit dat sy teikengehoor min kennis van die Romeinse geskiedenis sou dra. Binne hierdie grondige verandering kon Louw met sy gegewens speel.

6. Louw se interpretasie van Tacitus se gegewens

Soos hier bo aangetoon, het Louw heel vry met Tacitus se gegewens omgegaan. Tog is Louw se interpretasie van die historiese karakters, met onder andere sy uitbeelding van 'n Plancina wat vroeg reeds haar man Piso se verbete aanhang van die republikeinse ideaal versmaai en saam met Livia konkel om van Germanicus ontslae te raak, redelik onlangs merkwaardig bevestig met die ontdekking van die reste van verskeie bronstablette in Spanje (antieke *Baetica*). Dit was gebruik dat senaatsbesluite in belangrike stede dwarsdeur die Romeinse Ryk opgeplak moes word. Op die besbewaarde fragment is 'n uiteensetting van die verhoor deur die Romeinse senaat van Piso en sy skuldigbevinding as aandadig aan die dood van Germanicus. Daarby voeg die bronstablet 'n volkome verontskuldiging van Piso se vrou Plancina, die “vertroueling van Livia”. Livia word voorts geloof as “die moeder wat lewe geskenk het aan ons keiser Tiberius” (Eck 1993). Hierdie bronstablet bevestig in 'n groot mate die gegewens wat Tacitus in sy *Annales* (2.55–7 en 69–70) verskaf. Tacitus impliseer (69–70) dat Piso én Plancina aan Germanicus se dood aandadig is. Sy weergawe van die verhoor van Piso lui dat Plancina aan haar man getrou gebly het, en dat Piso aan muitery skuldig bevind is, maar dat die klag van doelbewuste vergiftiging van sy generaal nie bewys kon word nie. Tacitus verwys ook na Tiberius se verleentheid toe hy verplig is om sy moeder se beskermeling vry te spreek. Louw se uitbeelding van 'n veel vroeër ideologiese verwydering tussen Piso en Plancina maak veel meer sin, en word klinkklaar bevestig deur die gegewens op die bronstablet.

Daar word oor die algemeen aanvaar dat Tacitus dikwels in sy *Annales* vroulike personasies wat “buite die normale sfeer van 'n Romeinse vrou” optree, inspan om die ergste vergrype van die nuwe keiserlike regime te illustreer. Sy veelvuldige insinuasies dat Livia met bose bedoeling opgetree het, is deur Louw aangegryp en uitgebou. Louw se Livia grens inderdaad aan karikatuur: 'n verbitterde, seniele ou vrou wat selfs teen haar eie kleinkinders komplotte smee. Dit strook nie met die feite van die historiese Livia nie. Sy is ná Augustus se dood opgeneem in die Juliese familie en met 'n nuwe naam, Augusta, vereer. Sy het tot haar dood in 29 n.C. byna as mederegent met Tiberius die sake van Rome help bestuur. Tog is Louw se uitbeelding poëties bevredigend. Dit toon 'n verdere faset van die korrupsie wat uit magsmonopolie vloei: soos 'n Lady Macbeth, toon Livia 'n volkome gebrek aan deernis en medemenslikheid. Sy toon geeneen van die stereotipiese eienskappe wat in gewone omgang aan vrou-wees gekoppel word nie en dien dus as verdere simbool van die korrumperende invloed van mag (Van Rensburg 1990).



Figuur 6. Livia Drusilla, vrou van Augustus, moeder van Tiberius

Van Wyk Louw bied 'n eweneens “Taciteaanse” Germanicus. Oppervlakkig beskou, stem dié beeld ooreen met baie 20ste-eeuse kritici se positiewe interpretasie van Tacitus se oordeel oor sy held (Shotter 1968; Fabbrini 1986). 'n Versigtiger lees van bron én navolger toon egter die verskeie onsekerhede wat menige moderne kritikus se benadering tot Tacitus beduiwel.¹⁶ Ander klassici se oordeel oor Tacitus se held wissel van sterk positief, tot ambivalent, tot sterk negatief. Pelling (1993) interpreteer Tacitus se Germanicus as “consistently inconsistent”. Sir Ronald Syme (1958:498), 'n vermaarde klassikus en verneme Tacitus-kenner, bestempel Tacitus se lof vir Germanicus as “grotesque in its disproportion”. Die historiese Germanicus is deur sy aangenome vader van die Duitse grens af teruggeroep vanweë sy en die historiese Agrippina se maak-en-breek optredes aldaar. Hy is waarskynlik deur Tiberius Ooste toe gestuur om hom geleentheid te gee om van sy oortollige energie ontslae te rak. Die historiese Piso moes dan 'n wakende ogie hou oor wat die twee betreklik jeugdige vervolgens sou aanvang.



Figuur 7. 'n Geïdealiseerde Germanicus


Louw se Germanicus as karakter is nie werklik bewonderenswaardig nie. Hy wil graag “suiwer” bly, wil die wêreld verbeter, maar doen niks daaromtrent nie. De Villiers (1976:54) meen dat Germanicus se “obsessie met sy eie suiwerheid in sy tragiese ondergang almal met hom saamsleep”. Piek (1971) maak die personasie af as so verhewe dat lesers en toeskouers moeilik met hom kan identifiseer. In gesprekke tussen Germanicus en Tiberius blyk dit dat korrupsie ’n onafwendbare deel van magsuitoefening is en eersgenoemde aanvaar dit sonder veel teenstribbeling. Ook as hy bewus raak van sy naderende dood (wat histories meer waarskynlik aan die een of ander Afrika-koorsiekte as aan gif toegeskryf kan word), doen die held niks om dit te keer nie, nie eens as Piso aanbied om van sy vrou ontslae te raak en die vergiftigingsproses daarmee tot ’n einde te bring. Louw se Germanicus is geen martelaarsfiguur nie, maar eerder net ’n edel maar weifelende swakkeling. Hierdie aspek is so opvallend dat dit my reeds as ongekunstelde 17-jarige gepla het. Die mees problematiese en mees inkonsekwente aspekte van die held se karakter is egter ook die mees Taciteaans. Louw se klassieke agtergrond en grondige insig het hom waarskynlik juis bewus gemaak van die problematiese aspekte van Tacitus se benadering tot sy held, maar hy het dit tog nagevolg.

Dat Tacitus “soos ’n dramaturg” geskryf het, is reeds deur C.W. Mendell in 1935 getoon. Met “dramaties” bedoel Mendell nie noodwendig “met uitgerekte dialoog” nie, maar verwys hy eerder na keuse, rangskikking en aanbieding van feite en die opbou van spanning tot ’n dramatiese ontknoping, die dood van die held. Mendell bestempel Tacitus se aanbieding selfs as “fictionalisation”. Billerbeck (1991) bou voort op hierdie gedagte; Wille (1983) ontleed inderdaad sodanige opbou van spanning. Mendell het inderwaarheid *Annales* 1 tot 8 beskou as tonele in wat hy noem “die drama van Tiberius”. Vir Mendell was daar in Tacitus se uitgebreide “drama” twee begrippe wat as ’t ware as personasies voorkom: die begrip *libertas* (vryheid), verpersoonlik deur Gnaeus Calpurnius Piso en twee ander Romeinse hoë lui, en tweedens die begrip *die groei van onderdrukkende wetgewing* soos verpersoonlik deur ene Seianus, wat, lank ná die gebeure wat in *Germanicus* uitgebeeld word, toe Tiberius hom na die eiland Capri onttrek het, as Tiberius se surrogaat in Rome geregeer het.¹⁷ Louw het dus, by wyse van spreke, “die engel in die klip” gewaar en dit met sy dramatiese verwerking van Tacitus se gewens uitgelig.

7. Louw se personasies¹⁸

Moontlik het Mendell (1935) se voorstelling van Gnaeus Piso as verteenwoordiger van *libertas* Louw se Piso geïnspireer.¹⁹ Maar Louw se Piso is tóg die “swart Piso”, die verteenwoordiger van die duisternis, die teenpool van Germanicus, die draer van die lig. Die byvoeglike naamwoord “swart” kom telkens (*Germanicus* van bl. 11 af tot 102) by Louw se Piso se naam voor, ook as die gewone soldate (11, 12) of selfs die Romeinse offisiere na hom verwys; twee offisiere bespreek hom: “Die donkere Piso – hy’s nie bemind”; “’n Klein Tiberius” (53). Dis moontlik bloot as verwysing na sy donker gelaatstrekke. Die woord “swart” is nie altyd negatief by Louw nie; dit verwys soms net na ’n fisiese kenmerk, soos van een van Germanicus se offisiere (37), of wanneer Livia na haar eie donker Italiaanse gelaatstrekke in teenstelling met Thusnelda se rooiblonde voorkoms verwys (61). Elders is dit egter wel sterk negatief, soos in die laaste gesprek tussen Germanicus en Piso: “Jou dink is swart en giftig” (102).

Tog baseer Louw waarskynlik die frase “swart Piso” op die negatiewe tipering wat die redenaar Cicero aan een van Piso se voorsate geheg het. Cicero het in die vroeë vyftigerjare voor Christus ’n bitsige polemiëk gevoer teen ene Lucius Calpurnius Piso, Julius Caesar se skoonvader. Dié het as konsul in 58 v.C. toegelaat dat Cicero deur sy vyande uit Rome verban word. By sy terugkeer, toe die Romeinse politiek weer ’n nuwe wending geneem het, het Cicero hierdie Piso striemend in die Senaat aangeval. Cicero se “Swart Piso” in sy toespraak *In Pisonem* (Teen Piso) bied ’n karikatuur van sy opponent; hy beeld hom uit as die “een of ander Siriër uit ’n trop inkomers, vuil, donker soos ’n slaaf en met harige wange en verrotte tande, ’n bebaarde Epikuriër, die nasaat van Noord-Italiaanse struikrowers” (Cicero: *In Pis.* 1 en verskeie fragmente; vgl. bespreking deur Claassen 1999:134–5 en 287 n. 12). Hierdie karikatuur hoef nie letterlik opgeneem te word nie, maar dit kon bygedra het tot Louw se gebruik van die woord “swart” vir Germanicus se teenpool.



Figuur 8. Gnaeus Calpurnius Piso

Die historiese Gnaeus Piso was heelwat ouer as Germanicus, wat in Mei 15 v.C. gebore is. Piso het reeds, toe Germanicus maar net sewe jaar oud was, in 8 v.C. as konsul gedien, ’n amp wat Romeinse hoë lui gewoonlik eers na hulle 40ste verjaardag kon beklee, ’n bepaling wat reeds in 180 v.C. deur die Lex Villia Annalis vasgestel is. Hierdie bepaling was merendeels van krag, tensy ’n aanspraakmaker ’n lid van die keiserlike huis was; Germanicus is reeds in 17 n.C., toe hy 32 jaar oud was (en Piso moontlik reeds ouer as 60), as konsul verkies. Dié verandering het gekom omdat Augustus as negentienjarige in 43 v.C. daarop aangedring het dat hy tot konsul verklaar word, en aangesien hy die lojaliteit van al Julius Caesar se soldate geniet het, sy teenstanders dit moes toestaan. Nadat Augustus in 27 die republiek sogenaamd “in ere herstel het”, het hy die amp verskeie kere daarna beklee, maar altyd gesorg dat hy as medekonsul iemand laat verkies wat hom gunstig gestem was. Augustus het deurgaans die skyn probeer handhaaf dat die republikeinse regeringstelsel van ouds nou weer goed werk, maar hy het inderwaarheid die grootste mag bly uitoefen, danksy die sogenaamde *tribunicia potestas*, “die mag van ’n volkstribuun”, wat hy vir rollende vyf- of tienjaarperiodes aan homself (en van sy familielede) laat toeken het.

Die historiese Piso sou nog die ou bedeling, toe gekose amptenare uit die hoë lui om die beurt militêre en burgerlike magsposisies beklee het, goed onthou. Louw (en Tacitus) se Piso kyk met nostalgiese oë terug na ’n tydperk van oligargiese bestuur waaraan sy voorgeslagte


deelgeneem het, en beskou dit as die ware “Romeinse ideaal”. Van daar sy weerstand teen die wesenlik monargiese instelling wat Augustus geskep het en wat Germanicus as verteenwoordiger van opeenvolgende keisers toenemend vir hom begin verpersoonlik. ’n Keurder vir *LitNet Akademies* merk op: “Piso lyk baie op die soort nasionalis wat Louw self uitbeeld in ‘Gedagtes, liedere en gebede van ’n soldaat’ in *Die halwe kring*.” Ek vind egter meer van ’n Germanicus-tipe in die gedig “Moet ons volk toorn hê?” (Louw 1981:82) of ’n soort Tiberius in “Ons moet die bittere taak” (83). Tog is daar ’n Piso in “Julle is die oorheersers” (82). Louw se Piso ken geen politieke nuansering nie. Vir hom is iets óf swart óf wit. Hy word as ’t ware ’n moordenaar by verstek, as hy oplaas ten volle bewus is van sy voormalige held se inherente swakheid en van sy eie vrou se verraderlikheid, en hy kies om niks te doen nie. De Villiers (1976:19) oordeel dat Louw se Piso meer wispelturig is as wat hy deur Tacitus voorgestel is. Tog laat Louw ruimte vir ’n alternatief: sy Piso was moontlik steeds getrou aan sy generaal, maar hy kon nie dié se toenemende willoosheid hanteer nie, soos hy in die laaste toneel probeer verduidelik (bl. 112).

Hierdie laaste toneel, waar Piso en Germanicus versoen raak na ’n lang tydperk van politieke en persoonlike verwydering, is histories onwaarskynlik, maar dramaties bevredigend. Louw se Piso is die slagoffer van ’n tydperk van politieke omwenteling. Soos by Germanicus, is sy wyse van optrede (of gebrek daaraan) in ooreenstemming met sy karakter en omstandighede. Of daar hoegenaamd sodanige intieme vriendskapsband tussen die twee historiese figure bestaan het, is egter te betwyfel. Soos hier bo aangedui, was daar ’n te groot ouderdomsgaping tussen die twee. Inderwaarheid is die “vriendskap” tussen die twee karakters Louw se skepping. Maar binne die drama wat Louw wou skep, is hierdie vriendskap sleutelbelangrik en die versoeningstoneel skep die gewenste ontlasting van spanning (die “katarsis” wat Piek 1971 soek). Dit bied ’n aanvaarbare afsluiting, byna ’n herstel, van ’n geskonde vriendskap.

Ons kan dus aanvaar dat Louw vir die doeleindes van sy inkleding van die drama historiese feite soms buite rekening gelaat het. Ook op die gebied van historiese interpretasie binne die drama toon die skrywer ’n vryer hand as wat die historiese gegewens moontlik sou regverdig. Beide Louw se Germanicus en sy Tiberius vertoon in die drama ’n groter geskiedkundige sin as wat histories waarskynlik is. Germanicus word op onwaarskynlike wyse uitgebeeld as sterk bewus van ’n omwenteling van die eeue wat hy, volgens Louw, aanvoel ter hand is. Dat nie slegs Louw se karakters nie, maar ook die historiese figure wat hy gebruik, bewus was van die hoë prys wat dit in lord Acton se woorde van hulle eie integriteitsin vereis het om so ’n ryk te onderhou, is waarskynlik. Maar dat hulle bewus was dat daar iets geheel en al anders op pad was wat die wêreld se denke in ’n heel ander rigting sou stuur, is nie net onwaarskynlik nie, dis onmoontlik. Dit is egter die digter se goeie reg om sodanige vrye interpretasie van die gegewens in sy drama in te werk. Meer hieroor onder.

Louw se Tiberius, wat in die sesde toneel uitwei oor hoe hy nie anders kan as om aandadig te wees aan die wreedhede waarmee hy aan bewind gehou word nie, is meer geloofwaardig. Tacitus (*Ann.* 1.6–10) beskryf hoe traag Tiberius was om die leisels by Augustus oor te neem (en hy het hom ook wel later onttrek en op die eiland Capri gaan woon). Louw se ander bron, Suetonius,²⁰ beeld Tiberius uit as iemand wat as ’t ware deur demone gejaag word. Louw se besope Tiberius is ook so ’n man: hy neem sy toevlug tot drank om die pyn van sy gewete te kan ontkom. Eers in hierdie toneel besef die idealistiese Germanicus wát magsuitoefening werklik alles behels: ’n verlies aan menslikheid. Slegs deur toe te gee aan korrupsie kan ’n heerser, maar ook die Romeinse Ryk wat byna die hele bekende wêreld in sy mag het, bly

voortleef. Sou die jong Germanicus hom onttrek, dan sou hy deur elke nuwe rebellie as faksieleier voorgehou word, of hy dit wil hê of nie. Piso stel dit in die finale versoeningstoneel so: “[V]erstaan jy nie?/ dat selfs jou stilsit soos ’n sawel (*sic*: sabel, swaard) was?” (111; vgl. De Villiers 1976:53–4).



Figuur 9. Tiberius Claudius Nero

Louw se Tiberius wend hom tot drank; sy Germanicus bly die toonbeeld van idealisme en draer van die lig van redelikheid, maar hy het geen mag teen die duisternis om hom heen nie, en blykbaar ook geen vasberadenheid of wil om dinge te verander nie. Opvallend sterf hy voor die tempel van die songod Apollo, die metafisiese verteenwoordiger van Lig. In die strydtoneel tussen Germanicus en Piso beskuldig die veldheer sy offisier: “Piso, jy’s nie meer mens./ Jou dink is swart en giftig” (102). Tog is Louw se Germanicus as “ligdraer” en sy Piso as “beeld van die duisternis” nie eenvoudig protagonis en antagonis, goed en kwaad, lig en donkerheid nie. Piso stel ’n alternatiewe helderheid (die Romeinse republikeinse ideaal) voor, en Germanicus dra ook self ’n innerlike duisternis met hom saam, ’n magsbeheptheid wat hy in die derde toneel teenoor Agrippina erken (33; vgl. Brink 1959:55, 88–90 en De Villiers 1976:17–8 wat die historiese Germanicus in ’n meer positiewe lig beoordeel). Moontlik kombineer hierdie twee personasies saám die gefolterde, gewete-gedrewe, innerlik verwronge Tiberius, die onwillige keiser wat sy nuwe rol met oorgawe aangryp omdat hy dit nie kán aflê nie (vgl. Ross 1973). Tog hét die historiese Tiberius uiteindelik ’n uitweg gevind. Hy het trouens twee maal Rome verlaat in pogings om van onhoudbare situasies te ontsnap: die eerste keer, lank voor Augustus se dood, het hy hom in 4 v.C na die eiland Rhodos begeef om hom aan die filosofie te wy. Dit was toe Augustus sy kleinseuns (Tiberius se stiefkinders) doelbewus voorgetrek het en die gedugte militarist, wat dikwels die sieklike Augustus se leërs moes aanvoer, vir die soveelste keer as moontlike opvolger oor die hoof gesien het. Tiberius is ongeveer 4 n.C. deur Augustus verplig om terug te keer nadat beide jong prinse op mislukte veldtogte gesterf het. Die tweede vlug was ’n aantal jare ná die dood van Germanicus. ’n Agterdogtige en verbitterde Tiberius het in 27 sy keiserlike pligte versak en hom op die eiland Capri gaan vestig (Tac. *Ann* 4.67.1). Van daar het hy ’n skrikbewind deur bemiddeling van sy handlangers Seianus gevoer (wat die doodmaak van verskeie van Tiberius se familieleden ingesluit het). Tiberius is in 37 oorlede by Misenum, die hawestad naby Capri, sonder om ooit weer Rome toe te gaan (Tac. 6.50.4), maar sy as word wel in die Augustus-praalgroef weggeleë (Suet. *Tib.* 75.3).

Louw se drie vroulike hoofpersonasies dien elk as teenbeeld van die drie manlike protagoniste. Dié verskille word die beste toegelig in die optrede van elke vrou teenoor 'n vierde, minder prominente vroulike personasie, die gevange Germaanse prinses, Thusnelda. Livia wil haar verneder en folter; sy wil wraak uitoefen weens die Germaan se bewese vrugbaarheid omdat sy wat Livia is, nie vir Augustus 'n erfgenaam met die Juliese naam kon baar nie. Ook is haar eersgeborene uit 'n vorige huwelik telkens deur sy stiefpa oor die hoof gesien, maar het uiteindelik as 't ware by verstek keiserlike erfgenaam geword. Agrippina behandel die prinses vriendelik; as vrugbare moeder van vyf telge het Germanicus se eggenote medelye met die barbaarse prinses wat ver van haar eie mense haar kind moet baar. Plancina, die jong ewebeeld van Livia, wat haar ook oorgee aan die kwade ter wille van 'n onsekere gewin, vertoon in die vyfde toneel fisiek klein langs die mooie Thusnelda. Plancina se uiterlike versinnebeeld 'n innerlike kleinlikheid. In die verdere verloop van die drama hierna vertoon sy deurgaans minder breedte van begrip as selfs haar onwrikbare eggenoot, Piso, die stoere republikein.

Die vroue is egter méér as net teenbeelde van die drie manlike hooffigure. Louw wys ook hoe die vroue mekaar se karakters toelig. Agrippina, die getroue eggenote en moeder, stel ook die goeie in Livia as moeder voor. Albei gesels geredelik met hulle manlike eweknieë; Plancina en Piso het min om vir mekaar te sê. Daar is weinig tekens van liefde tussen dié twee te bespeur. Teen die sesde toneel skaar Plancina haar geheel en al by die keiserlike regime as sy vir Agrippina verbaal aanval en deeglik afransel oor laasgenoemde se kritiek op die keiser se moeder. In die laaste twee tonele blyk dit dat Piso selfs sy vrou sal verrai as hy daardeur vir Germanicus van sy stadige gifdood sou kon red. Maar in hierdie stadium het Germanicus klaarblyklik besluit dat 'n passiewe oorgawe aan sy lot die enigste wyse is waarop hy steeds "suiwer" en idealisties kan bly. Hy steur hom nie aan Agrippina se pleidooi dat hy genesing moet soek nie. In sy willose oorgawe aan sy lot blyk dit dat hy reeds ook sy liefde vir haar versak het. Sy groetwoorde dui op iets wat reeds afgesluit is, as hy sê "Ek was/ lief vir jou" (115, my kursivering).

8. Louw se unieke bydrae

Tot dusver het my bespreking die drama se eerste hooftema, die korrupsie wat voortvloei uit absolute mag, onder loep geneem, maar ook uiteraard die tweede tema wat logies hierop volg, aangeraak. Dit behels iets wat selde deur antieke geskiedskrywers beskou word: die vernietigende gevolge van Romeinse uitbreiding vir beide koloniseerder en gekoloniseerde: nie slegs die onmag van die oorheersdes nie, maar ook die onmag van die oorheersers. In Germanicus se omgang met newekarakters kom Louw se beskouinge oor mag en onmag duidelik na vore. Dit is hierdie beskouinge wat ek, as betreklike leek in die Afrikaanse literatuur, maar wat redelik onderleg is in die antieke, probeer verken. Reeds in die eerste toneel, waarna Marais (2010) goedkeurend verwys, blyk uit die klagtes van die soldate (histories merendeels Italiërs sonder volle Romeinse burgerskap, die meeste reeds 20 jaar in die vreemde) dat die handhawing van die sogenaamde *pax Romana* (Romeinse vrede) 'n duur prys verg van wat genoem kan word Romeinse "vegvee". In hierdie toneel gryp een veteraan Germanicus se hand en druk die generaal se vingers in sy mond om hom te wys hoe tandloos hy is. 'n Ander kla oor die "bleek vroumense" met wie hy hom moet vermaak, en hunker na "mooi bruin Italiaanse" kinders en 'n plasie van sy eie.

Die besope Tiberius is, soos reeds getoon, eweneens 'n slagoffer van die Romeinse uitbreidingsdrang. Dit is egter die gefolterde slaaf Clemens wat die verskrikking van Romeinse magsug die helderste uitspel. Verblind en gemartel deur sy sipiers, hoor hy die simpatieke toon van Germanicus se geskokte reaksie op sy toestand. Uiteraard kan die blinde nie die vriendelike spreker herken nie. Hy vra die "gawe vreemdeling" om 'n boodskap aan Germanicus af te lewer: dat die gewone mense veel van Germanicus verwag het, dat hy 'n Rome moes herskep wat vir almal nuut en vry sou wees:

[As iemand sou berig] ... "Môre, môre kom hy ...
Germanicus", dan sal ek voor hom kniel
en sê: "dit is jou Ryk, jou volk, ons volg jou!"

...
Maar hy ... hy vreet saam met hul uit die bak.
Neem jy die boodskap: sê: "Die wêreld haat hom
en hy's klein." (78 en 79)

Die personasie wat egter die gekoloniseerdes se lyding die sterkste uitdruk, is die gevange Germaanse prinses, Thusnelda. Sy is die vrou van die Germaanse leier, Herman (oftewel, in Tacitus se terminologie, Arminius), wat as gewese offisier van 'n inheemse Germaanse "hulptroep"-peleton, vyf jaar tevore 'n legioen van sy koloniale base in 'n bloedige opstand in die Teutobergerwoud naby die Rynrivier uitgewis het. Thusnelda is die fiere spreekbuis vir alle gekoloniseerdes. Sy spreek die haat en wrewel uit waarmee haar volk se oorheersers bejeën word. Sy verwoord treffend die las van kolonisering op die oorwonnes:

Selfs as U sag praat, praat die blinde mag.
Dis alles gryp, verneder, deeglik hou –
eers met die swaard, dán met die woord, die vriendskap;
of eers die vriendskap, dán eise, dan die swaard.
Só't Herman jou leer ken. Maar lós staan hy.
Gaan haal hom in sy land, hy's altyd daar!
Hy sal trugveg tot in die skemer noorde
...
Maar ek is hier. Sleep my na Rome saam,
laat 'k stap in jou triomftog ...
...
Dis mag, mag, die blinde dom swart mag
van 'n groot ryk. (45)

Thusnelda se bejaarde vader, Segestes, daarenteen, is egter die toonbeeld van 'n gewillige gekoloniseerde wat eerder sy heersers wil paai en só 'n mate van beweeglikheid vir sy volksgenote bewerkstellig. Hy tree versoenend en nederig onderdanig op. Die Nabatiese koning by Petra neig ook oënskynlik daartoe om die Romeinse oorheersing eerder gedwee te wil aanvaar, maar uit die tafelgesprek by die feesmaal, nadat hy deur Piso beledig is, kom sy innerlike weersin teen koloniale onderdrukking wél na vore. Hy wend hom tot Germanicus, wat versoenend tussenbei getree het:

U, die stil Caesar, keer vannag
die jaghonde uit Rome van hul prooi;
vir ons is dit iets vreemds: belediging

ons aangedaan was dikwels al die misdaad
waarvoor ons dan gestraf moes word – deur Rome,
die klaer en die regter tegelyk,
soos magtiges die mag het om te wees. (92)

Tog word die laaste “woord” oor kolonialisme deur die *woordlose* Siriese gepeupel, wat die sterwende Germanicus kom ondersteun, in hulle optrede uitgespel. Die offisiere vrees ’n moontlike opstand. Soos die wêreldgeskiedenis sedertdien getoon het, is die vrug van brutale koloniserings alte dikwels ’n oënskynlik gewillige aanhang van die koloniseerders deur die politieke ontmande gekoloniseerdes – maar dit kan ook te eniger tyd oorkook as rebellie. Die sterwende Germanicus is alte bewus hiervan en van die las wat op die oorheersers rus om orde te handhaaf:

Hul wil ’n heerser hê en het dié lief
omdat hy magtig is bo hulle drifte.
Hulle treur – en weet dit nie – omdat één sterf
van dié wat min word, en wat staan as grenswag
[*Stadig*] tussen hulle self en hulle waansin. (108)

Kortom, die leser of toeskouer word oorweldig deur Louw se uitbeelding van personasies wat ’n dubbele boodskap moet voorstel: die korrumperende gevolge van magsug, én die tydlose aard van die mens se onderworpenheid aan die onstuitbare magte wat sy lewe oorheers. Daar is egter ’n derde tema ter sprake: die anachronistiese voorspelling van die koms van ’n nuwe era. Louw se hoofkarakters, veral Tiberius, skyn onrealisties bewus te wees van ’n wêreldskuddende omwenteling wat op hande is, moontlik selfs die vooruitskaduwing van ’n besondere redder, sonder dat Christus pertinent genoem word. Die sterwende Germanicus profeteer in 19 dat ’n nuwe tydsgewrig algou sal aanbreek. Met selfs die mees konserwatiewe berekening van die geboortedatum van Christus blyk sodanige profesie chronologies onmoontlik te wees. Inderwaarheid was die grootste omwenteling waarvan die Romeine op dié tydstip bewus kon wees, reeds byna 40 jaar agter die rug. In die jaar 27 v.C., nadat hy eers verbete teen die moordenaars van sy aangenome vader geveg het en ook alle ander Romeinse teenstand óf vernietig óf gekoöpteer het, het die voormalige Gaius Octavianus Caesar die ou dinge agtergelaat en met ’n nuwe naam en nuwe benadering ’n nuwe tydperk van vrede ingelui. Vir die vuisvoos Romeine was hierdie “vrederyk” na byna ’n eeu van slepende klasse- en burgerlike stryd as ’t ware ’n Goue Eeu. Louw se karakters se siening van die onmiddellike lot van die Romeinse Ryk is ewe onwaarskynlik. Daar was nog geen sprake van “verval” nie: dit sou eers eeue later, in 476 n.C., met die eerste invalle van Germaanse barbare in Rome, ’n werklikheid word. Die Romeins-Bisantynse Ryk het eers werklik met die inval van die Ottomane in Konstantinopel in 1453 tot ’n val gekom. Soos Keil (2017) vir Goldsworthy (2016) aanhaal, het die bestuur van die Romeinse Ryk ’n meer standhoudende vennootskap van Europese volkere verteenwoordig as enige moderne volkerebond. Dié vennootskap het inderdaad ook die Nabye-Oosterse en Noord-Afrikaanse volke ingesluit, danksy ’n besondere goed-onderhoude infrastruktuur (Van de Mierop 2017 met verwysing na Ando en Richardson 2017).



Figuur 10. Keiser Augustus

Hierdie aspek toon Louw se eie skeppende en verbeeldingryke interpretasie van sodanige omwenteling. Hierdie bewussyn by sy karakters is egter nie 'n "fout" of "gebrek" in die drama nie. Dit pas vir Louw (en sy lesers) by sy beeld van die onmag van sy held om "suiwer" te bly leef. Louw het as skeppende kunstenaar besluit om sy eie siening van die vloeï van die wêreldgeskiedenis anachronisties weer te gee. Sodanige anachronisme is van min belang (Schutte 1996). Vir 'n "woordmens" soos Germanicus is 'n drastiese verandering in lewensopset noodsaaklik voordat sy woorde tot daad kan oorgaan. Slegs 'n drasties vernuwende krag sal dit vir mense wat, soos Germanicus, na die goeie streef, moontlik maak om 'n nuwe, werklik selflose suiwerheid aan te gryp. Dít is Germanicus nooit beskore nie, al hunker hy daarna. Esterhuizen (1979:6) stel dit so: "Germanicus staan op die breuklyn van 'n ou en nuwe era. Hy is die kiem van 'n nuwe humanisme wat in die Christusfiguur gestalte kry" (vgl. Butler 1982:118). Louw plaas hiermee die greep uit die wêreldgeskiedenis wat hy besluit het om te gebruik, in 'n breër raam wat sy boodskap oor die aard van mag en onmag wyer kontekstualiseer.

Ook in sy drie keiserportrette in *Gestalten en diere* (1942) maak Louw gebruik van Romeinse veldheermagshebbers om die oorgang na 'n nuwe tydperk en die stryd tussen lig en donker uit te beeld.²¹ Die historiese keiser Aurelianus (215–278 n.C.), wat die dreigende invalle van noordelike barbare uit die ryk geweer het, het hom as *Sol dominus imperii Romani* (Son, Heer van die Romeinse Ryk) opgestel; Louw se Aurelianus wil "lig en donker – die geskeide twee –/ eenselwig weer" (Louw 1981:178). Sy Diocletianus, 50 jaar na Aurelianus, hervormer van die bestuurstelsel van die ryk en vervolger van Christene, selfverklaarde "Jupiter" (Romeinse hemelgod), konstateer: "Alles wat donker is, het krag", maar moet tog toegee: "die son dryf op die duisternis soos 'n veer" (178): die Lig het mag om te oorleef. Louw se Galerius, opvolger van Diocletianus en ook vervolger van Christene, sien hoe sy mag oor die Christene verswak en sal moet breek, dat "Hy" (Christus) op 'n vasgestelde tyd sal oorneem en dat die Christendom, "'n ryk/ van áls wat nederig is .../ uit sy swart bronne opstoot oor die wal"

(179). Galerius besef sy onmag tenoor die naderende triomf van die Christendom, maar vir hom verteenwoordig dít die duisternis.

Hierdie bewussyn van spanning tussen die oue en die nuwe is ook merkbaar in Louw se “Die hond van God” in dieselfde digbundel, met die datum 1941 daarby, die tyd toe Louw metodies begin lees het vir sy destyds beoogde Caligula-drama. Die inkwisiteur se sielewroeging klink sterk na ’n voorafskaduwing van Louw se Tiberius, maar ook van sy Germanicus. Hy bid: “o Heer, wees koel/ rondom my .../ en maak my rein ...” (Louw 1981:148). Hy wroeg tussen sy Germanicus-benadering en sy Pisoagtige gevoel: “o Heer, nooit mag ek laf/ buig voor die eeu, die nuwe menslikheid” (146). Louw het dus aan *Germanicus* begin werk in ’n tyd toe hy hom op vele vlakke bemoei het met die figuur van held of leier wat tas tussen alternatiewe. Louw self (1970:35) erken dat hy in sy verlede “geaarsel” het in sy peinsing “in meer as een werk – oor wat ’n held is”. Hy kom tot die gevolgtrekking dat omdat hy self “nog nooit genoeg vir heldedom getoets [is] nie”, sy gedagtes oor die wese van held-wees onafgerond gebly het, maar erken tog dat “as ’n mens aanneem dat die simbool in ’n kunswerk iets is wat heelwat betekenis in hom opsluit, dan is méér van ’n mens se werk as wat jy self besef, dalk simbolies.” Hierdie stelling van hom regverdig my interpretasie van ’n groter politieke reikwydte as wat Louw moontlik self met sy drama beoog het, soos hier onder bespreek sal word.

9. Die ontstaansgeskiedenis van die drama en die rol van die intellektueel

Die bibliografie hier onder lys etlike literêre kritici²² wat meer begrip van Louw se geniale verwerking van Tacitus se *Annales* 1–3 sou gehad het as hulle meer intiem vertrouwd was met Louw se antieke bron. Van groot belang is egter Olivier (1992) se ontleding van Louw se intellektuele bydrae tot ’n groter selfbewussyn by Suid-Afrikaners. Olivier se bydrae dien as verheldering van Louw se tweeslagtige houding oor die verband tussen intellektuele en politieke vryheid, soos ook uit Louw se eie geskrifte, onder andere die vroeë *Lojale Verset* (1939, ook te lees in Louw 1986a:67–172), duidelik waarneembaar is. Die titel dui oënskynlik op die beginsel van noodsaaklike kritiek op Afrikaner-selfvoldaanheid, en dit is klaarblyklik nie soseer teen partypolitiek gemik nie. Slegs in één hoofstuk (1939:106–8) word die politiek pertinent genoem. Tog is ook Louw se oproep tot ’n volwasse nasionale letterkunde wat kritiek waar nodig sal aanvaar, ’n politieke daad, soos Scruton (1981b) dit ook van enige treffende poësie stel: in die mate waarin ’n gedig sy lesers oortuig, is dit noodwendig politiek. In sy briewe aan sy broer, W.E.G. Louw, verwys Louw telkens na sy begeerte om Afrikaners op te voed (vgl. Kannemeyer 2011:359). Louw het sy roeping as opvoeder duidelik uitgestippel, “wat pedagogiese werk moet verrig onder ’n volk wat so onwillig na my luister” (Maart 1947, Kannemeyer 2011:259). Merendeels blyk dit dat hy intellektuele en literêre, eerder as partypolitieke, opvoeding bedoel. Van Rensburg (1996) tipeer sy didaktiese strategie as “’n eerlike, kwasi-Sokratiese leiding aan sy lesers tot selfondersoek”. Vir Louw is kritiek ’n nasie se gewete (vgl. Naudé 2006:290–1 se bespreking van Louw se essay “Die ewige trek”). Hy is begaan daarvoor dat ideologiese beskouings die afspringplek vir letterkundige werke kan word. Dit is vir hom ’n letterkundige, sowel as ’n politieke, probleem. Tog het hy, soos Olivier (2010:210) dit stel, die Afrikaner-nasionalisme as ’n onontwykbare universele beginsel en vertrekpunt beskou en ’n leser kan nie anders as om dit in sy geskrifte, veral in briewe aan sy broer ná die verhuising na Nederland, op te let

nie. Tog hy in hierdie tydperk sterker as vroeër, byvoorbeeld in die 1930's, gesoek na 'n redelike grondslag vir dié nasionalistiese beginsel wat hy voorgestaan het.

Die idee dat Louw 'n politieke motief gehad het, naamlik om die Nasionaliste teen magslus te waarsku, word moontlik weerspreek deur die feit dat *Germanicus* sy beslag in die oorlogsjare gekry het en dit teen 10 Desember 1944 reeds voltooi was: Louw berig op 11 Desember aan sy broer dat hy sy versdrama “gister” klaargemaak het, maar dat dit nog “heelwat werk verg” en dat dit eintlik 'n “proefpreek” (*sic*; Louw bedoel “oefenlopie”) is (Kannemeyer 2011:179; vgl. Steyn 1998:414). *Germanicus* is dus in 'n heel ander tydsgewrig en politieke atmosfeer geskep. Dit is voltooi 'n volle 12 jaar voor dit gepubliseer is en vier jaar vóór bewindsoorname in Suid-Afrika deur die Nasionale Party. Louw het in Julie 1944 die tema van die drama waarmee hy kort tevore begin het, aan sy broer uiteengesit as: “die weiering van *Germanicus* (titel!) om die keiserskap van Tiberius af te neem en sy dood, nie alleen nieteenstaande nie, maar juis daarom” (Kannemeyer 2011:168). Op hierdie tydstip noem hy geen partypolitieke motief in die skryf van *Germanicus* nie. Toe die drama in 1956 verskyn het, was die destydse Nasionale Party egter al agt jaar aan bewind. Lesers was blykbaar reeds bewus van die potensiaal van magsvergryp en sommiges het gewonder of Louw met die skep van die drama op die Nasionale Party sinspeel.

Louw het reeds in 'n lesing voor 'n Stellenbosse gehoor in 1936 'n beroep op Afrikaanse literati gedoen om van die kleinburgerlike weg te beweeg en hulle aan universele temas te wy. Dit was sy erns om Afrikaners literêr op te voed, soos ook uitgespel in die titel van sy essaybundel *Berigte te velde: opstelle oor die idee van 'n Afrikaanse nasionale letterkunde* (1939). Ons kan aflei dat hy die vereiste van universaliteit self in ag geneem het toe hy sy drama in 1944 aangepak het. Tog het die universele op daardie tydstip vir hom juis in die lokale opgesluit gelê. Louw het blykbaar later erken dat sekere passasies in *Germanicus*²³ gemik is op generaal Jan Smuts, destyds leier van die pro-Britse Suid-Afrikaanse Party, wat deur sekere verbitterde Afrikaners vir sy betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog blywend verkwalik is (Steyn 1988:406). Smuts se betrokkenheid by die oorlog word soms beskou as een van die oorsake van die Nasionaliste se seëviering in 1948. Uit die korrespondensie tussen Louw en sy broer blyk dit dat hulle hul, veral in die oorlogsjare en onmiddellik daarna, klaarblyklik doelbewus weerhou het van deelname aan die verskillende pro- en anti-oorlog faksies wat Afrikaners indertyd uitmekaar gedryf het, soos verwoord deur Louw in Februarie 1942, omdat hy slegs in 'n “versoeningsbeweging” sou belangstel (Kannemeyer 2011:62). Die strydende faksies binne Afrikanerdom was vir Louw 'n gedurige hartseer saak. Soos *Germanicus*, was Smuts beide soldaat en intellektueel. Moontlik het Louw se gevoel oor Smuts as Afrikaner hom geroep om aspekte soos verdeelde lojaliteit in die drama toe te lig, maar hy spel so iets nêrens uit nie.

Ek vermoed egter 'n groter, meer onmiddellike, dryfveer vir Louw se neerpen, *juis in 1944*, van die drama waarvoor hy lank reeds begin voorberei het. Louw skryf in Mei 1944 aan sy broer oor die treffende opvoering van J.P.J. van Rensburg se Afrikaanse vertaling uit antieke Grieks van die Griekse Euripides se drama, *Die vroue van Troje*, wat hy so pas bygewoon het. Hy sou waarskynlik reeds etlike maande met hierdie produksie saamgeleef het, aangesien sy vrou Truida (Pohl) die regie behartig het (Kannemeyer 2011:154–5), en hy het later 'n inleiding vir die gepubliseerde weergawe geskryf (1945). Die tema hiervan is die ontreding wat oorlog vir onskuldige vroue en kinders meebring, maar dit is die poësie daarvan wat Louw juis so aangrypend opwindend vind. Voorheen, sê hy, het hy “die emosionele waarde van die liriese koorstukke en selfs van die intellektueel-retoriese gedeeltes

van Euripides nie besef nie ... om dit te hoor, is om te besef hoe ná die konstruksie van die Griekse tragedie aan die konstruksie van die *simfonie* is.” Selfs met so ’n roerende opvoering, wat deur ’n groot gehoor “in asemlose spanning [ge]sit en luister [is] met slegs snikke af en toe tussendeur” (154), is die poëtiese impak voorop vir Louw. Was hierdie vertaling miskien sy inspirasie om óók ’n versdrama aan te pak? In dieselfde brief vertel hy van die sowat 1 800 reëls van ’n versdrama wat hy klaar het en voeg by: “[D]it is heerlik, hierdie nuwe soort vers;²⁴ en ek leer geweldig by – o.a. ook uit die saamleef met ’n opvoering soos dié van onlangs ... dit [wil] vir my voorkom asof hierdie soort dramatiese vers vir ons die uitweg kan wees uit ’n styl wat al byna dreig om vás te word” (157).

Gedurende 1945 bespreek die Louw-broers die moontlikheid dat ’n enkele bedryf van die drama in die nuwe literêre blad *Standpunte*, wat hulle saam met ’n akademiese vriend van stapel gestuur het, moet verskyn (Kannemeyer 2011:206, 217), wat wel mettertyd gebeur (*Standpunte* 1(2), April 1946, met nog ’n uittreksel in 6(2), Desember 1951). As Louw vir generaal Smuts op 13 Oktober 1947 versoek om ’n lys vrae vir publikasie in *Standpunte* te beantwoord, tipeer hy hierdie blad in ’n brief aan die Eerste Minister as “’n onafhanklike nie-politieke blad in diens van die geestelike en intellektuele lewe in Suid-Afrika” (384). In die daaropvolgende jare, soos uit die korrespondensie blyk, was beide broers intens betrokke met die beplanning en redaksie van *Standpunte* en bydraes vir die *Afrikaanse Kinderensiklopedie* en het Louw blykbaar dus nie verder tyd afgestaan aan die afronding van die drama nie. Aan die partypolitiek het beide broers hulle op hierdie tydstip blykbaar min gesteur. Die verkiesingsuitslag van 26 Mei 1948, toe die Nasionale Party aan bewind gekom het, word op 30 Mei 1948 as onderwerp van ’n brief doelbewus deur Louw opsy gelaat omdat tydskrif sake op dié tydstip blykbaar van dringender belang vir die broers is (396).

Daar kan ’n verskeidenheid van redes vir die lang verloop van tyd tussen die skryf en publikasie van *Germanicus* geopper word: Louw self was nie baie tevrede met die drama nie (hy noem dit ’n “proefpreek”, soos hier bo aangehaal); die aanvanklike tyd wat hy aan die redaksie van *Standpunte* moes afstaan; sy verhuising na Nederland en die verpligtinge verbonde aan sy professorale aanstelling aldaar; die noodsaaklikheid om ’n redelik klein stipendium met (betaalde) essays en rubrieke vir Suid-Afrikaanse tydskrifte aan te vul; reekse gaslesings wat hy moes lewer; en die voortbring van heelwat ander geskrifte – poësie en essays. Daarby kom ook heelwat persoonlike omwentelinge in die Louw-huishouding, waarop egter nie verder hier ingegaan kan word nie. Louw (1970:85) sê self, met verwysing na sy blykbaar dikwelse gebruik om van sy geskrifte lank te laat lê voor publikasie daarvan: “[E]k [was] gewoonlik net te veel met ander dinge besig, of te lui, om dit vir die drukker gereed te maak.” In die lig van hierdie uitspraak kan die laat publikasiedatum van die drama bloot toevallig gewees het.

Mettertyd verander hul vroeëre nie(party)politieke houding opsigtelik in die broers se korrespondensie. Volgens Van Vuuren (1989:119) kon die destydse redelik negatiewe benadering tot nasionalisme deur die Nederlanders (wat kort tevore nog Nazi-oorheersing ervaar het) en hul toenemende kritiek teen die Suid-Afrikaanse beleid vir Louw nie onaangeraak gelaat het nie. Uit Nederland skryf hy aan sy broer: “Ek verlang so ... om die ‘feel’ van die politieke toestande te kry ... jy begin alles in terme van ’n party sien ... ’n Mens moet maar daarin berus dat jy so langsamerhand die balling-mentaliteit kry en verder van jou herinneringe lewe” (Kannemeyer 2011:450–1). Verblyf in Nederland, met ’n noodwendig gepaardgaande blik “van buite”, het moontlik vir Louw méér bewus gemaak van die behoefte aan voortdurende, meer doelgerigte, politieke opvoeding (en nie net literêre of intellektuele

opvoeding nie) by sy lesers. Dít kon Louw daartoe beweeg het om die drama wat hy so lank tevore geskryf het, uiteindelik te wil publiseer. Tog vra sy broer ses maande later wanneer die drama gaan verskyn (Januarie 1953, Kannemeyer 2011:456). Meer as twee jaar later versoek W.E.G. Louw sy broer om maar “die res van *Germanicus*” aan *Standpunte* vir publikasie te bied (September 1955, Kannemeyer 2011:476), maar dit gebeur nie. Die drama verskyn laat in Desember 1956 en is eers die daaropvolgende jaar algemeen beskikbaar.

10. Is *Germanicus* ’n politieke dokument?

Met die skryf van die hierdie artikel (Maart–Oktober 2017) is ek telkens getref deur die juistheid van Louw se uitbeelding van magsbehepteid en die politieke gevolge daarvan. Hedendaagse politieke woelinge in Suid-Afrika speel inderdaad af teen ’n agtergrond van mag en onmag, eintlik eerder ’n omgewing waarin magspel, korrupsie en die strewe na eiebelang opvallend voorkom en waar die meerderheid van diegene wat onder ’n vorige bestel van mag ontdaan is, dit nog maar slegs in ’n klein mate teruggewin het. Voorbeelde hiervan is die Suid-Afrikaanse staatshoof se politieke spronge om vervolging te vermy, sy dobbel met die finansiële bestuur van die land en die hele “staatskaping”-sage. Die lyding van haas die hele bevolking van Sirië is nog ’n voorbeeld van die korrumperende invloed van alleenheerskappy, en so ook die verdrywing van die Moslem-Rohinja onder die oorheersing van ’n Boeddhistiese meerderheid wat eers onlangs sêlf van onderdrukking deur ’n militêre diktatuur bevry is.

Die drama verbeeld blywende temas en bekommernisse in Louw se werk. Hy het in die vyftigerjare ook elders, soos byvoorbeeld in sy essay “Kultuur en krisis” (Louw 1986a:450–67, wat oorspronklik in 1952 in die *Huisgenoot* verskyn het, Giliomee 2012), die intellektuele mens se taak in ’n tyd van onreg ondersoek. Dít is juis die kenmerkende tema van *Germanicus* se gesprekke met ander in die drama. Inderdaad is Louw deurentyd, maar veral ook in sy essays van die 1950’s, besorg oor “voortbestaan in geregtigheid” en die intellektueel se plig waar magsuitoefening tot onreg lei (vgl. Steyn 2014). Vir Louw, so stel ’n gewaardeerde keurder vir *LitNet Akademies* dit, het dié “intellektueel algaande pleitbesorger vir die demokrasie” geword. Volgens hierdie keurder was Louw “kennelik bewus van die gevaar dat die nasionalisme wat hy voorstaan ook ongeregtheid kan voortbring (Louw 1958)”. Pretorius (1972:65) stel dit so: “Die lot van die intellektueel word [in *Germanicus*] deur [’n] tragiese lens betrag ...” Louw se karakter *Germanicus* dien as instrument om die rol van die intellektueel in die wêreld te verken.

Die Britse kritikus Scruton (1981b) wys daarop dat lesers hul met ’n gedig kan vereenselwig slegs as hulle die inhoud daarvan as “waar” aanvaar. Hierdie vereenselwiging en aanvaarding maak so ’n gedig, volgens Scruton, noodwendig “politie” en as sodanig het dit ’n ooredende, oftewel didaktiese, element. Dit is nie onredelik om daardie ooredende element ook by Louw se *Germanicus* te wil onderskei nie. In daardie sin kan die verskyning van *Germanicus* in 1956 beskou word as die politie-didaktiese middel waaraan Louw in die middel-vyftigerjare sy volksgenote wou blootstel. Belangrik is egter Scruton (1981b:213–4) se tempering van hierdie gedagte in sy begrip van lesers se benadering tot dramatiese monoloë: “The dramatic monologue represents a character expressing his opinions; but it does not express an opinion.” Daarom moet lesers daarteen waak om as aksiomaties te

aanvaar dat die hoogs kritiese benadering tot mag van Louw se verkillende personasies, soos hier bo toegelig, noodwendig en ongenuanseerd sy eie idees daarvoor verteenwoordig.

Tog het Louw se latere, meer bewuste partypolitieke benadering uiteraard ook in sy werke beslag gekry. Met hierdie opmerking beweeg ek (saam met vele ander kritici) op gevaarlike terrein. Louw het daadwerklik verskil van D.J. Opperman (na aanleiding veral van laasgenoemde se benadering in sy *Digtters van Dertig*) oor die sogenaamde “sielkundige” of biografiese benadering tot die letterkunde, wat ’n skrywer se persoonlike geskiedenis of sy eie politieke houding uit sy geskifte wou lees (Kannemeyer 2011:458–9; Steyn 1998:659–66; 688–93). Louw self is klaarblyklik sterk beïnvloed deur die sogenaamde Nuwe Kritiek van die Anglo-Amerikaanse literatuurkenners van die 1930’s en 1940’s soos Leavis en Empson (vgl. *Britannica*-artikel 2012, Van Vuuren 1989:41) en ook deur die teksgerigte benadering van die Nederlandse boekwetenskaplike en neofiloloog W.Gs. Hellinga (1905–85). Beide hierdie benaderings beskou die persoonlike omstandighede van ’n skrywer as irrelevant in die kritiese beoordeling van ’n gedig en staan onderskeidelik die kritiese tegnieke van *close reading* en studie van stilistiek op letterkundige vlak voor (selfs ook, wat Hellinga verder van die New Critics onderskei, ondersoek van die boek as tasbare objek en van sy bibliografie as tersaaklike letterkundige agtergrond; vgl. Spies 2001). Kortom, Louw wou literêre studie meer wetenskaplik maak deur aandag op die teks self te rig. In Desember 1953 oorweeg Louw dit om ’n essay vir *Standpunte* oor dié onderwerp te skryf, veral omdat Opperman “wrokkig” opgetree het teenoor ’n student van Louw weens laasgenoemde se kritiek op die biografiese benadering (Kannemeyer 2011:265–7). Elders wei die digter selfs verder uit oor dié benadering by kritici en wyt, in die konteks van sy *Tristia*, hul pogings “om bundels uit hulle titels te interpreteer aan ‘luiheid’” (Louw 1970:39).

Die versoeking is tog groot om wél Louw se oordeel oor eietydse politiek uit sy aan die kaak stel van mag en onmag te wil aflei. Soos deur die keurder vir *LitNet Akademies* opgemerk is, is die vraagstukke van mag, magsuitoefening en magsmisbruik ouer as *Germanicus* in Louw se werk. Reeds in sy beknopte uiteensetting van die inhoud van *Die dieper reg* skryf Louw: “Die geregtigheid is ingewikkeld, maar die daad is eenvoudig: die geregtigheid ... word ewig van nuuts af op vreemde wyse uit drif en daad en die wil wat rein streef, geskep” (1938:10). Die tragiek van Louw se protagonis Germanicus is dat sy *hart* streef na geregtigheid, maar sy *wil* tekortskiet. Renders (2006:425) meen dat *Germanicus* “in regstreekse dialoog” tree met *Die dieper reg*, en “Van Wyk Louw lyk sy eie idees te herroep om by monde van Germanicus ’n lewe in geregtigheid voorop te stel.” Die skrywer se benadering in hierdie twee werke verskil wel beduidend, maar onderliggend aan albei is steeds ’n nasionalistiese siening, waar die latere werk egter groter klem op redelikheid en regverdigheid plaas en vra wat die gevolge van magsuitoefening is. Butler (1982), allermins ’n deelgenoot aan die politieke uitkyk van die deursnee-Afrikaner, maar wel ’n medewerker van die Louw-broers in die redaksie van *Standpunte*, tref juis vanuit sy posisie as relatiewe “buitestander” ’n vergelyking tussen uitsprake oor mag en ongeregtigheid in Romeinse konteks deur Louw se karakters in *Germanicus* en wat hy meen Louw vir sy volksgenote wou wysmaak. Butler interpreteer die drama as Louw se metaforiese uitbeelding van die gevare inherent aan Afrikaner-nasionalisme.

Renders (2006:426) beskou verder die hoorspel *Dagboek van ’n soldaat* (1961) as “’n teenhanger van *Germanicus*”. Renders is trouens sterk krities oor die digter se ganse dramatiese oeuvre (waarin, volgens hom, Louw se beskouings oor die nasionalisme telkens oorheers). Die dramatiese werke is volgens hom “onduidelik en inkonsekwent” en dit, sê

Renders, het juis te make met Louw se nasionalistiese oortuigings: die temas van al Louw se dramas is dus “net vir die Afrikanergemeenskap relevant” (2006:430–1) en by implikasie net vir die tyd waarin dit gepubliseer of opgevoer is. Hierin wil ek, altans wat *Germanicus* betref, sterk van hom verskil (vgl. De Villiers 1976:44 oor die “toepaslikheid van die Germanicus-dilemma op alle tye en elke omgewing”). Dit staan enige skrywer, en veral ’n skrywer-filosof soos Louw, vry om ontwikkeling in sy denke in individuele werke sodanig uit te beeld dat dié werke oënskynlik in dialoog met mekaar verkeer.

Renders (2006:232) vind dit voorts vreemd dat Louw nie “die breër Suid-Afrikaanse samelewing en die Afrikaner se verhouding met en behandeling van die ander bevolkingsgroepe in sy dramas betrek het nie”. Dié onderwerp kom egter tog wel onder loop in sy prosageskrifte van die 1950’s en 1960’s (vgl. Giliomee 2012). Dat hy die gevoel van oorheersdes (of dit Afrikaners ná 1902 is, of – moontlik onbewus – die Suid-Afrikaanse meerderheid, beide van sy tyd én sedert 1652) ook in *Germanicus* aansny, is juis wat hierdie artikel probeer aantoon het. Daar is geen aanduiding dat Louw voor of ná 1948 enigsins die Suid-Afrikaanse politieke bestel op liberale trant verander wou sien nie, maar dat hy tog deurgaans in sy essays van die vyftigerjare begaan was oor “die intellektueel se bestaan in geregtigheid”, blyk duidelik, soos ek hier bo aangetoon het. Selfs toe hy in die vyftigerjare intens bewus was van die noodsaak om die uiteraard teenstrydige beginsels van liberalisme en nasionalisme te versoen, het Louw, volgens Olivier (2010:207) “very little awareness of actual black opinion” getoon. Tog haal Louw op die keersy van die voorblad van *Liberale nasionalisme* (gepubliseer in 1958, ook te lees in Louw 1986a:410) uit Hoernlé (1939:186) aan²⁵ “[T]here is no spiritual bridge between the dominant and the dominated other than the bridge built by those who ... will not be content until it is enjoyed ... by all those to whom it is now denied.” Hierdie aanhaling volg op een waar “Ou oom ‘Maer’ Willem” dit stel dat, al sou alle Suid-Afrikaanse kleurgroepe eendag as “groen” wakker word, “die Here ons nóg volgens stam en taal en volk en nasie aan ons nekvel [sal] moet uitlig en lêplek gee”. Volgens Sanders (2002:66–9) temper Hoernlé sy oënskynlike aanvaarding van die idee van afsonderlike ontwikkeling met die erkenning dat dit ál wyse is waarop die dominansie van wittes in Suid-Afrika sou kon voortduur, terwyl Louw in die betrokke bundel essays (in “Vegparty of polemie”, 1946, te lees in 1986a:504–5) Hoernlé se soort liberalisme afmaak as “onmoontlik” in ’n “veelvolkige” samelewing. Die eintlike tragiek van Suid-Afrika, stel ’n gewaardeerde keurder vir hierdie artikel dit, is dat daar nóg by Hoernlé, nóg by Louw sprake van ’n dialoog met swart opinie was.

Die essayversameling is meer gemoed met wat die (wit) Afrikaner-intellektueel in ’n tyd van krisis te doen staan. Louw spel sy idees hieroor uit, veral in “Kultuur en krisis” (1952, ook te lees in Louw 1986a:450–66): “[D]it is beter vir ’n volk om geslaan te word as te slaan” (452) en “[’n Kultuurmens] moet kultuurmens bly; hy moet sy soort werk doen ... en hy moet self oordeel wat sy werk is” (463). Olivier (2010:210) wys daarop dat Louw se siening van die taak van die intellektueel tydens ’n nasionale krisis “a somewhat lame retreat into his own study” is. Hiermee bedoel Olivier blykbaar dat Louw (soos sy held *Germanicus*) waarskynlik toenemend bewus geword het van die verkeerde in die staatsbestel, maar dat hy, soos *Germanicus*, nie by magte was om die inherente onversoenbaarhede daarin prakties teen te staan nie. Reeds in 1947 het Louw in “Rembrandt of tulpe: gedagtes oor ‘’n eie Afrikaanse styl’” gepleit dat ’n skrywer “as mens [moet] staan teenoor sy tyd, d.w.s. waarderend en afkeurend volgens die suiwerste insig wat vir hom bereikbaar is” en dit gestel dat “hy die reg [het] om net so bewus aan sy vorming [te] arbei as elke ander mens” (1986a:527). Dat Louw se eie “vorming” die skuif van politieke bakens in die jare tussen 1948 en die publikasie van

sy versdrama ingesluit het, kan ons egter nie sonder meer aanvaar nie. Vir hom is die idee van “afsonderlike ontwikkeling” steeds deur die begrip van politieke gelykwaardigheid onderlê. Olivier (2010:208) noem Louw “the most sophisticated apologist for apartheid”. Tog het hy in 1960, met sy voorwoord tot D.P. Botha se *Die opkoms van ons Derde Stand*, onomwonde gepleit vir erkenning van bruin Afrikaanssprekendes as “óns mense [wat] hóórt by ons” (Louw 1986b:623). Maar steeds was Louw se “ons” baie eng gedefinieer.

Van Rensburg (1989) bespreek Louw se geleidelike kentering in sy houding teenoor amptelike literêre sensuur. Vir Louw, sê hy, kan ’n woordkunstenaar nie bloot die werklikheid boekstaaf nie: hy kan dit inderwaarheid ook verander. Daar kan oor die algemeen aanvaar word dat Louw tydens die skryf van *Germanicus* nie doelbewus die lot van swart Suid-Afrikaners probeer verwoord, en nog minder, probeer verander het nie. Louw het, soos reeds vermeld,²⁶ geen toeliggende inleiding tot die drama verskaf nie. Sy mees opvallende verwoording in ’n kort stuk van die reikwydte van mag, “Heerser en humanis: nie-dramatiese gesprek van die toekoms” (1947, ook te lees in Louw 1986a:511–19), stel die “heerser” as magshebber teenoor die “gevangene” wat blykbaar ’n sekulêre interpreteerder van die kosmos, eerder as ’n onmagtige onderdaan, voorstel. Teenoor die mag van die heerser staan die gevangene se “geloof dat waarheid wáár is, skoonheid skóón” (513). Hierdie elemente kom ook in *Germanicus* voor. *Germanicus* is self daarvan oortuig dat onderdrukking en verontmensliking nie ’n heerser se rol moet definieer nie, wel eerder die beginsel van billike en menswaardige behandeling van onderdane. Die tragiek is dat Louw se held magteloos voel om sodanige ommekeer in die Romeinse imperiale bestuurswyse teweeg te kan bring en dus eerder die dood kies.

Die kerkleier en anti-apartheidsaktivis Beyers Naudé het sy 1996-Louw-gedenklesing afgesluit met ’n onbeantwoorbare vraag oor wat Louw se oordeel oor die onthullings binne die Waarheid-en-Versoeningkommissie sou gewees het en “wat ... die appèl [sou] gewees het waarmee hy die Afrikaner se gewete sou wou aanspreek om in geregtigheid saam met almal ... ’n toekoms in ons land te vind” (Naudé 2006:298). Ons kan aanvaar dat ’n geniale skrywer dikwels wyer reik as wat hy self besef, soos Louw in die konteks van ’n gesprek oor sy *Raka* teenoor Guy Butler erken het. Butler het naamlik teenoor Louw opgemerk dat daar ironie lê in die feit dat hierdie epiese gedig in ’n “African tribal setting” afspeel en in werklikheid nie slegs die Afrikaanse poësie nie, maar ook die Suid-Afrikaanse poësie verryk, omdat dit in verskeie Afrika-tale vertaal is. Sy antwoord was blykbaar: “Moontlik, moontlik bou ons beter as wat ons self weet” (my vertaling uit Butler se relaas, 1982:89–90, wat in ’n voetnoot (2) aanhaal uit Ralph Waldo Emerson se gedig “The problem”: “The hand that rounded Peter’s dome .../ ... builded better than he knew”).

My hoofdoel met die skryf van hierdie artikel was egter allermins om al die nuanses in Louw se politieke beskouing en die ontwikkeling daarvan volledig na te vors en uiteen te sit. Dit laat ek aan politieke kenners en Afrikaans-letterkundiges oor. Die laaste woord daarvoor is kennelik nog nie gespreek nie. Vir my as óók ’n betreklike buitestander (in die sin dat ek die drama vanuit ’n “Klassieke” hoek benader), is enige poging om *Germanicus* as slegs ’n spieël vir sy eie tydgenote te beskou, gelyk daaraan om die trefkrag van die drama te verskraal. Net so min as wat kritici die “ware bedoelinge” van ’n skrywer met die inhoud, tydsberekening en publikasie van ’n werk onteenseglik kan peil, mag hulle die metaforiese reikwydte daarvan probeer beperk. Louw se profetiese uitbeelding van die gevare wat inherent is aan absolute mag en doelbewuste magsug, en die gevolglike onmag van beide die onderworpenes én die oënskylnlike magshebber, kan wél beskou word as ’n weerspieëling van die Suid-Afrika van

sy tyd, maar ook van die wêreld te alle tye. Louw se *Germanicus* is vandag inderdaad selfs méér relevant as in 1944 of in 1956.

(Dank aan die keurders en redakteur van *LitNet Akademies* (Geesteswetenskappe) vir kosbare raad en leiding; dank aan Alta Schoeman en Piet Claassen vir redaksionele hulp.)

Bibliografie

Ando, C. en S. Richardson (reds.). 2017. *Ancient societies and infrastructural power: Europe, Asia and America. Empire and after*. Philadelphia: University of Philadelphia Press.

Antonissen, R. 1962. *Kern en tooi: Kroniek van die Afrikaanse lettere 1951–1960*. Kaapstad: Nasou.

Ayres, P. (red.). 1990. *Ben Jonson: Sejanus, his fall*. Manchester en New York: Manchester University Press.

Billerbeck, M. 1991. Die Dramatische Kunst des Tacitus. *Aufstieg und Niedergang der Römische Welt* II, 33(4):2 752–71.

Brink, A.P. 1959. *Germanicus* en die tragedies van Shakespeare. Ongepubliseerde MA-verhandeling. PU vir CHO.

Burger, W. (red.). 2006. *Die oop gesprek: N.P. Van Wyk Louw gedenklesings (1982–2005)*. Pretoria: Lapa Uitgewers.

Butler, G. 1982. Soldier heroes in corrupt societies: a comparison of N.P. van Wyk Louw's *Germanicus* and *Shakespeare's Coriolanus*. In Van Rensburg 1982:89–119.

Christes, J. 1994. Tacitus und die *Moderatio* des Tiberius. *Gymnasium*, 101:112–35.

Claassen, J.M. 1996: *Germanicus* revisited – and revised? *Akroterion*, 41:133–50.

—. 1999. *Displaced persons: the literature of exile from Cicero to Boethius*. Londen: Duckworth.

—. 2006. Rendering Caesar: thoughts on the translation into English of N.P. Van Wyk Louw's *Germanicus*. *Akroterion*, 51:57–69.

—. 2013. *N.P. Van Wyk Louw: Germanicus translated and with an introduction*. Londen: Dragonfly eBooks. <https://www.smashwords.com/books/view/314998> (Mei 2013 gelaai).

Conradie, P.J. 1974a. *Spanning en ewewig*. Pretoria: Academica.

—. 1974b. Die gebruik van antieke bronne in Van Wyk Louw se *Germanicus*. In Conradie 1974a.

- . 1966. *Germanicus: N.P. van Wyl Louw Blokboek*. Pretoria: Academica.
- De Villiers, A. 1976. *Die sawel van jou stilsit*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Devillers, O. 1993. Le rôle des passages relatifs à Germanicus dans les Annales de Tacite. *Ancient Society*, 24:225–41.
- Eck, W. 1993. Das s.c. de Cn. Pisone Patre und seine Publication in der Baetica. *Cahiers du Centre Glotz*, 4:189–208.
- Editors of the Encyclopaedia Britannica. 2012. New Criticism: Anglo-American literary criticism. <https://www.britannica.com/art/New-Criticism> (25 September 2017 geraadpleeg).
- Esterhuizen, W.P. 1979. N.P. van Wyk Louw se geding met God. Louw-gedenklesing 9, *Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit*, A (111).
- Fabbrini, F. 1986. Tacito tra storiografia e tragedia. In *I racconti di Clio. Tecniche narrative della storiografia*, coll. *La Porta di Corno* 6. Pisa.
- Fowler, D. 2000. *Roman constructions: readings in postmodern Latin*. Oxford en New York: Oxford University Press.
- Giliomee, H. 2012. Van Wyk Louw en MER se oorlewingskrisisse vir die Afrikaner. <http://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/van-wyk-louw-en-mer-se-oorlewingskrisisse-vir-die-afrikaner> (5 Oktober 2017 geraadpleeg).
- Grové, A.P. 1965. *Oordeel en vooroordeel*. Nuwe uitgawe. Kaapstad: Nasou.
- Harrison, S.J. (red.). 2004. *A companion to Latin Literature*. Malden MA en Oxford: Blackwell Publishing.
- Hoernlé, R.F.A. 1939. *South African native policy and the liberal spirit*. Kaapstad: Stokes-Phelps fonds.
- Holland, T. 2016 [2015]. *Dynasty: the rise and fall of the house of Caesar*. Londen: Little, Brown: Abacus.
- Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Pretoria: Academica.
- . 2011. *Briewe van W.E.G. en N.P. Van Wyk Louw 1941–1970*. Hermanus: Hemel & See Boeke.
- Keil, M. 2017. Resensie van A. Goldsworthy 2016: *Pax Romana: war, peace and conquest in the Roman world*, New Haven en Londen: Yale University Press. *Classical Journal-Online* 2017.10.04. (Per e-pos ontvang op 11 Oktober 2017.)
- Levene, D.S. en D.P. Nelis (reds.). 2002. *Clio and the poets: Augustan poetry and the traditions of ancient historiography*. Leiden, Boston en Keulen: Brill.

- Louw, N.P. Van Wyk 1939. [5de herdruk 1975]. *Lojale verset: kritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1945. Inleidende opstel. In Van Rensburg (vert.) 1945.
- . 1956. [10de herdruk 1970]. *Germanicus*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1958. *Liberale nasionalisme: gedagtes oor die nasionalisme, liberalisme en tradisie vir Suid-Afrikaners met 'n kulturele nadrup*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1961. *Dagboek van 'n soldaat*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- . 1962. *Tristia en ander verse: voorspele en vlugte 1950–1959*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- . 1970. *Rondom eie werk*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg, Human & Rousseau.
- . 1986a. *Versamelde prosa 1*. Kaapstad: Tafelberg.
- . 1986b. *Versamelde prosa 2*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Luce, T.J. en A.J. Woodman (reds.). 1993. *Tacitus and the Tacitean tradition*. Princeton: Princeton University Press.
- Marais, J.L. 2010. Geskiedenis en literatuur in N.P. Van Wyk Louw se *Germanicus*. *Stilet*, 21(1):1–14.
- Mendell, C.W. 1935. Dramatic construction of Tacitus' Annals. *Yale Classical Studies*, 5:3–53.
- Morgenthau, H.J. 1954 [1948]. *Politics among nations: the struggle for power and peace*. New York: Alfred A. Knopf.
- Naudé, B. 2006. N.P. Van Wyk Louw as profeet en gewete van die Afrikaners. In Burger (red.) 2006.
- Nikulin, D. 2017. *The concept of history: how ideas are constituted, transmitted and interpreted*. Londen: Bloomsbury Academic.
- Olivier, G. 1992. *N.P. Van Wyk Louw: literatuur, filosofie, politiek*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- . 2010. “Loyal resistance”: N.P. Van Wyk Louw (1906–1970) and the intellectual. *Social Dynamics* 36(1):201-13.
- Parry, A. en D. Kagan 1975. *Studies in the Greek historians*. Cambridge: Cambridge University Press.

- Pelling, C. 1993. Tacitus and Germanicus. In Luce en Woodman (reds.) 1993.
- Piek, C.J. 1971. Die katarsis-belewing in *Germanicus* van N.P. Van Wyk Louw. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Pretorius, R. 1972. *Die begrip intellektueel by N.P. Van Wyk Louw*. Pretoria: Van Schaik.
- Renders, L. 2006. Die dramatiese werk van N.P. Van Wyk Louw: met volk-wees as inspirasie. In Burger (red.) 2006.
- Ross, D.O. 1973. The Tacitean Germanicus. *Yale Classical Review*, 23:209–27.
- Sanders, M. 2002: *Complicities: the intellectual and apartheid*. Durham, N.C.: Duke University Press.
- Schunck, P. 1955. Römische Sterben: Studien zu Sterbeszenen in der kaizerzeitlichen Literatur, insbesondere bei Tacitus. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit Heidelberg.
- Schutte, H.J. 1996. Oorspronklikheid en verwante begrippe by N.P. Van Wyk Louw. *Literator*, 17(1):113–32.
- Scruton, R. 1981a. *The politics of culture and other essays*. Manchester: Carcanet.
- . 1981b. Poetry and politics. In Scruton 1981a.
- Shotter, D.C.A. 1968. Tacitus, Tiberius and Germanicus. *Historia*, 17:194–214.
- Shuttleworth Kraus, C. 2004. Historiography and biography. In Harrison (red.) 2004.
- Spies, M. 2001. Mijn meesters: W.Gs. Hellinga. *Literatuur*, 18:159–61.
- Stadter, P.A. (red.). 2012. *The speeches in Thucydides: A collection of original studies with a bibliography*. Chapel Hill: University of North Carolina Press.
- Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal*. Volumes 1 en 2. Kaapstad: Tafelberg.
- . 2014 “Kultuur en Krisis” vandag. *Stilet*, 26(1):74–95.
- Syme, R. 1958. *Tacitus*. Oxford: Clarendon Press.
- . 1970. *Ten studies in Tacitus*. Oxford: Clarendon Press.
- Van de Mieroop, M. 2017. Resensie van C. Ando, S. Richardson (reds.) 2017: *Ancient societies and infrastructural power: Europe, Asia and America. Empire and after*. Philadelphia: University of Philadelphia Press. *Bryn Mawr Classical Review*, 10(6). (Per e-pos ontvang op 5 Oktober 2017.)
- Van Rensburg, F.I.J. (red.). 1982. *Oopgelate kring: N.P. Van Wyk Louw gedenklesings 1–11*.
-

- . 1989. Van Wyk Louw en sensuur. *Literator*, 10(2):30–44.
- . 1990. Van Wyk Louw simbolis? *Literator*, 11(1):35–55.
- . 1996. Hoe praat jy met 'n hele volk? *Literator*, 17(1):57–76.
- Van Rensburg, J.P.J. (vert.). 1945. *Die vroue van Troje deur Euripides, met 'n inleidende opstel deur N.P. Van Wyk Louw*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Van Vuuren, H. 1988. *Tristia* in historiese konteks. *Literator*, 9(2):67–83.
- . 1989. *Tristia in perspektief*. Kaapstad: Vlaeberg.
- Van Wyk, J. (vert.). 2004. Direction in Afrikaans literature by N.P. Van Wyk Louw. *Alternation*, 11(1):71–8.
- Wille, G. 1983. *Der Aufbau der Werke des Tacitus*. Amsterdam: Hakkert.
- Wiseman, T.P. 1994. *Historiography and imagination*. Exeter: Exeter University Press.
- Ziegler, K. en W. Sontheimer (reds.). 1979: *Der Kleine Pauly: Lexikon der Antike*, Bande 1 tot 5. München: Alfred Druckenmüller.

Eindnotas

¹ Voorbeelde lukraak geneem uit die korrespondensie tussen die twee Louw-broers (Kannemeyer 2011) is: Afrikaans “fidusie” vir Latyn *fiducia*, vertrou (221 n. 469); *ecclesia perennis* as *stultitia perennis* (223; die ewige kerk as ewige dom-onnoselheid); *taedium vitae* (488, lewensmoegheid), *odium theologicum* (535, teologiese onmin); “’n Anasthasius-rol *contra mundum*” (555, “soos Anastatius teen die wêreld”); die afkorting “c.s.” vir *cum suis* (556, tesame met sy eie mense. Die afkorting in n. 1184 word verkeerdelik verklaar as *cum sui*). Ook in byvoorbeeld die gedig “Hond van God” kom die frase *blande et mansuete* (Louw 1981:142, “vleiend en saggies”) voor; en in dieselfde bundel (*Gestaltes en diere*) gebruik Louw sy drie keiserportrette om die oorgang tussen die paganisme en die Christendom te verken. In *Lojale verset* parodieer hy die skryfstyl van verskeie Afrikaanse literatore: die klassikus T.J. Haarhof se “stuk” is deurspek met Latynse woorde op komiese wyse aangewend (Louw 1939, ook te lees in 1986b:128-9).

² Drie van die vier geleenthede is om die opening van skouburge te vier: 1957, die nuwe stadhuis te Bellville naby Kaapstad; 1958: Universiteit Pretoria se Aula; 1981, die Pretoria Staatsteater. Die 1971-vertoning was in die reeds bestaande H.B. Thom-teater te Stellenbosch.

³ Die doel van hierdie artikel is egter nie om Louw se geniale, idiosinkratiese en bondige woordgebruik te bespreek nie. Ek het reeds voorheen Louw se taalgebruik as ’t ware “van buite” gewaardeer in ’n Engelstalige artikel (Claassen 2006), waarvan ek die inhoud ook voorgedra het by vergaderings van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika (by die

Universiteite van KwaZulu-Natal en Kaapstad) en ook by die Stellenbosch Woordfees (2006). Sien De Villiers (1976:116–45) oor *Germanicus* as versdrama en Louw se poëtiese tegnieke soos alliterasie, assonansie, ritme en beeldspraak.

⁴ Louw (1956) bied geen inleiding nie. Hy voorsien ook geen toneel- of versnommers in *Germanicus* nie. Daarom is al my verwysings slegs na bladsynommers. Ek het my vertaling op die tiende herdruk (1972) gegrond, maar latere drukke handhaaf klaarblyklik ook die oorspronklike bladindeling.

⁵ Die tweede en derde hoofemas word hierna (in afdeling 7: Louw se unieke bydrae) toegelig.

⁶ 'n Banale voorbeeld is Donald Trump se onlangse felle aanvalle, in 'n week van groot internasionale politieke spanning tussen die VSA en Noord-Korea, op Amerikaanse atlete wat “nie hulle vlag eerbiedig” tydens die sing van hul volkslied nie: sy deursnee-“stemvee” stel meer in voetbal as in die internasionale politiek belang. Hy moet hulle guns behou.

⁷ Die Romeinse regstelsel het voorsiening gemaak vir die wettige aanneming van volwassenes, selfs postuum, soos in die geval van Julius Caesar se testamentêre aanneem van Augustus.

⁸ Byvoorbeeld *Epistolae ex Ponto* (“*Briewe uit die Swartseegebied*”) 4.8.

⁹ Louw se eerste vier tonele speel binne die verloop van 'n week af; die volgende twee, in Rome, volg 'n paar maande later, 'n week uit mekaar; en die laaste twee onderskeidelik “'n paar maande later” en 'n week ná die vorige, dus altesaam ongeveer ses maande.

¹⁰ Die verwysings na Tacitus se relaas word in die meeste gevalle ook deur ander antieke geskiedskrywers in meerdere of mindere mate ondersteun. Vir volledige verwysings na die stawende vertellings van Suetonius en Cassius Dio, en ook na verskeie monumente en ander argeologiese vondste uit dié tydperk, raadpleeg Ziegler en Sontheimer (1979) Band 2, kolomne 767.47 tot 770.28. Vir bespreking, sien Devillers (1993).

¹¹ Hieroor meer in afdeling 6: Louw se interpretasie van Tacitus se gegewens.

¹² Vir 'n meer uitgebreide weergawe van die drama, sien De Villiers 1976:24–43, 46–52 (ontleding van aspekte van die tema in elke toneel) en 55–73 (ontleding van die handelingsverloop).

¹³ Louw se liefde vir die Latynse letterkunde spreek ook uit die titel van sy *Tristia* (1962). Die oorspronklike (antieke) *Tristia* is 'n versameling gedigte waarmee die verbanne 1ste-eeuse Romeinse digter Publius Ovidius Naso met noodkrete uit die Swartseegebied sy eensaamheid verwoord het. Louw se *Tristia* is die produk van die tydperk toe hy in Amsterdam gewoon en gewerk het, nl. die laat 1940's en byna die ganse 1950's).

¹⁴ Bostaande benadering was vir my van hulp in my eie poging om in 'n verdere stap in die reeks Tacitus – Louw – Claassen 'n Engelse weergawe van die drama te skryf wat metries (maar nie prosodies nie) Louw se poësie in Engels sou weergee. Die proses in sy geheel was

'n heerlike, uitdagende ervaring. Die eindproduk is op die internet gepubliseer (Claassen 2013).

¹⁵ Van Vuuren (1989:43–8) noem 'n voorbeeld van sodanige *nuwe wyse* van aanbieding in haar bespreking van die gedig “Frans skielik ...” in *Tristia* (Louw 1981:248) as 'n poëtiese verwerking van 'n prosavertelling deur die Nederlandse skrywer Seghers. Die interteks is opvallend herkenbaar. So ook is die paradoksale Latynse “*odi et amo*” (“ek haat en ek het lief”, gedig 85 van die Romeinse digter Catullus) opvallend die afspringplek vir “Ek haat en ek het lief” (Louw 1981:300) waar die “geliefde” nie 'n vrou is nie, maar Suid-Afrika.

¹⁶ Vgl. artikels in Luce en Woodman (1993).

¹⁷ Louw het egter eerder net die “tragedie van Germanicus” uitgebeeld, en dit op slegs Boeke 1 tot 3 van Tacitus se *Annales* gegrond. Seianus se verhaal is nie hier ter sake nie. Daardie deel van Tacitus se relaas is egter reeds deur 'n tydgenoot van Shakespeare, Ben Jonson, opgevoer tydens die regering van die Engelse koning James I, maar slegs eenmalig, omdat sy uitbeelding van korrupsie onder 'n despoot te veel geklink het na kritiek op die veroordeling en dood van sir Walter Raleigh (Ayres 1990, Inleiding).

¹⁸ De Villiers (1976:74–115) ontleed die karakters breedvoerig aan die hand van veelvuldige aanhalings uit die drama.

¹⁹ Die artikel sou vir Louw beskikbaar gewees het: die Universiteit Kaapstad se goedtoegeruste biblioteek sou ongetwyfeld ingeteken het op die bekende blad waarin Mendell se artikel verskyn, *Yale Classical Studies*, en (lank voor die Google-soekenjin) die bekende Franse reeks *L'Année Philologique* het jaarliks 'n oorsig oor alle beskikbare artikels oor 'n bepaalde onderwerp aan klassieke navorsers gebied.

²⁰ Suetonius hanteer in sy biografieë van die eerste 12 keisers sy stof volgens kategorieë en nie chronologies nie. Die antieke bronne is knap deur Holland (2016) as 'n roman verwerk.

²¹ My bron vir die geskiedkundige gegewens in hierdie paragraaf vervat is telkens die tersaaklike rubrieke in Ziegler en Sontheimer (1979).

²² Onder diegene plaas ek Piek (1971), Pretorius (1972) en Van Vuuren 1988; in 'n mindere mate ook Grové (1966).

²³ Louw brei volgens Steyn egter nie verder daarop uit nie. Louw verwys ook nie daarna in sy briefwisseling met sy broer nie.

²⁴ Ek het die vertaal van Louw se dramatiese verse in Engels ewe “heerlik” ervaar.

²⁵ 'n Lesingreeks wat onder die vaandel van die Phelps-Stokesfonds in Mei 1939 by die Universiteit Kaapstad aangebied is.

²⁶ Sien hier bo by eindnota 4.